  - 1.5 The relevant municipal departments, municipal property branch and the environmental management branch as well as the transport and roads branch (in the case of advertising within the road reserve) shall jointly evaluate the proposal and approval will be given when such evaluation process is complete.
  - 1.6 The Municipality, as landowner, reserves the right not to proceed with any proposal prior to final approval thereof and the call for invitations for proposals in any respect shall not be regarded as decision by the Municipality to proceed with the erection of a sign in respect of a specific site.
  - 1.7 Once accepted, any sign to be erected in terms of this schedule must be the subject matter of a written agreement between the Municipality as landowner and the person responsible for the erection of the sign which agreement will contain the rights and obligations of both parties but which will not derogate from any of the obligations on either party in terms of this By-Law. No sign may be erected or displayed in terms of this schedule until such agreement has been concluded and a signed copy delivered to the environmental management branch of the Municipality.

**B. SPONSORED SIGNS**

2. Notwithstanding the area of control within which it is proposed to erect such a sign on Municipal owned land and subject to compliance with all other provisions of the By-Law, the Municipality may consider a sponsored sign for approval on condition that:
  - 2.1 In the application to be submitted in terms of Section 2 of this By-Law, written details are delivered clearly indicating the recognised public or community goal which will be promoted by the erection and/or display of the proposed sign.
  - 2.2 Signs with a political content will not be permitted.
  - 2.3 No more than 5% of the total surface of the sign is used for third party advertising.
  - 2.4 The maximum size of any such sign is 6 m x 3 m provided in the event of a V-shaped sign being proposed, its maximum size will not exceed two panels of 6 m x 3 m each.
  - 2.5 Applications for billboards to be erected in terms of this section must comply with the requirements as set out in Schedule 2.
  - 2.6 No sign erected in terms of this clause shall be located within 5 m of a property's boundary lines.

**C. NON-PROFIT SIGNS**

Notwithstanding the area of control within which it is proposed to erect a sign, and subject to compliance with all other provisions of this By-Law, the Municipality may consider the erection of a sign by or for the benefit of a non-profit body subject to compliance with the requirements set out in Schedule 17 hereto.

---

**SCHEDULE "17"****SIGNS ERECTED BY OR FOR THE BENEFIT OF NON-PROFIT BODIES**

1. Notwithstanding the area of control within which it is proposed to erect a sign by or for the benefit of a non-profit body, and subject to compliance with all other provisions of this By-Law, the Municipality may consider such a sign for approval subject to the following:
    - 1.1 In the application to be submitted in terms of Section 2 of this By-Law, written details from the host non-profit body regarding the nature and extent of the support to be received from the erection or display of the sign must be delivered to the Municipality together with the other information set out in Section 2 of the By-Law.
    - 1.2 The extent of involvement of previous disadvantaged communities, small businesses, job creation and empowerment will be considered in any proposal.
    - 1.3 Any proposal will be evaluated based on the requirements of the By-Law and the public or community goal benefit which is being met, the design contribution, the creativity and public safety and the adherence to the principals and/or stipulations in the By-Law as opposed to the largest advertising opportunity and/or financial gain. In addition, the permanence of the contribution to the goal of the non-profit body will be taken into account.
    - 1.4 In the event of it being proposed that the said sign will be erected on municipal land:
      - 1.4.1 the relevant municipal departments, municipal property branch and the environmental management branch as well as the transport and roads branch (in the case of advertising within the road reserve) shall jointly evaluate the proposal and approval will be given when such evaluation process is complete.
      - 1.4.2 The municipality as landowner reserves the right not to proceed with any proposal prior to final approval thereof;
      - 1.4.3 If accepted, any such sign to be erected in terms of this Schedule, on municipal land must be the subject of a written agreement between the Municipality, the person responsible for the erection of the sign and the non-profit body which agreement contains the rights and obligations of all parties but which will not derogate from any of the obligations on any party in terms of this By-Law. No such sign may be erected until such an agreement has been concluded and a copy delivered to the Environmental Management branch of the Municipality.
  2. In addition the following conditions will apply:
    - 2.1 Signs with a political content will not be permitted.
    - 2.2 The maximum size of any such sign is 6 m x 3 m provided in the event of a V-shaped sign being proposed, its maximum size will not exceed two panels of 6 m x 3 m each.
    - 2.3 Applications for billboards to be erected in terms of this section must comply with the requirements as set out in Schedule 2.
    - 2.4 No sign erected in terms of this clause shall be located within 5 m of a property's boundary lines.
    - 2.5 The name of the non-profit body must be displayed prominently along the top width of the sign with a maximum 300 mm lettering height.
    - 2.6 A public participation process has been held with all parties to be affected by the erection and/or display of such sign.
    - 2.7 The Municipality may require submission of an environmental impact assessment and/or traffic impact assessment and/or heritage impact assessment in accordance with its guidelines thereon.
    - 2.8 No more than two individual signs of 6 m x 3 m each shall be permitted, or alternatively one V-shaped sign with a maximum size of two panels of 6 m x 3 m each on any one property. In addition, only one sign per street frontage will be permitted.
-

PO 10518

5 Desember 2001

**STAD KAAPSTAD****VERORDENING INSAKE BUITEREKLAME EN ADVERTENSIE TEKENS****VERORDENING NO. 10518**

Om 'n stel regulasies te voorsien wat die gebruik van grond en geboue vir buitereklaam en advertensietekens en vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan, bepaal.

**AANHEF**

Die doel van hierdie Verordening is om buitereklaam in die regsgebied van die Stad Kaapstad te reguleer op 'n wyse wat vir die omgewingsgehalte van die verskillende dele van die Stad Kaapstad sensitief is. Die Verordening poog om 'n ewewig te vind tussen geleenthede vir buitereklaam en ekonomiese ontwikkeling aan die een kant, en die bewaring van visuele, toeriste-, verkeersveiligheid, omgewings- en erfeniskenmerke aan die ander kant. Die doel van hierdie Verordening is om te verseker dat buitereklaam die integriteit van enige terrein waarop dit vertoon word, respekteer, en die karakter van die plek waar dit vertoon word, aanvul.

Die sensitiwiteit van die voorgestelde ligging van 'n advertensieteken en sy vermoë om die visuele impak te weerstaan, is die belangrikste leidende beginsels vir die beheer van buitereklaam. Buitereklaametekens moet slegs op plekke geplaas word waar hulle met die omliggende omgewing bestaanbaar is en waar hulle nie 'n impak op visuele korridors en/of uitsigpaaie het nie. Advertensietekens wat beskermede, unieke of sensitiewe gebiede in gevaar stel, sal nie toegelaat word nie.

Daarbenewens moet buitereklaam en advertensietekens nie die funksionering en veiligheid van verkeer in gevaar stel nie en ook nie die karakter van 'n omgewing weens die voorkoms, grootte of verligting van die teken, nadelig beïnvloed nie.

Reklame op brûe, torings, telekommunikasie maste en spanmaste word nie toegelaat nie.

Die tipe landskappe, tekens en beheergebiede is belangrike faktore in die klassifiseringskonsep wat deur hierdie Verordening gebruik word. Hierdie Verordening gaan van die veronderstelling uit dat die tipe teken 'n aanduiding gee van die potensiële impak van sodanige teken op die omgewing waar dit vertoon sal word. Ingevolge hierdie Verordening sal die plaaslike karakter van 'n omgewing waarin 'n advertensieteken vertoon gaan word, die mate van beheer wat in daardie omgewing toegepas word, beïnvloed.

Hierdie Verordening bevestig dat die dinamika tussen die tipe advertensietekens, die advertensie self en waar dit geplaas gaan word, op 'n baie doeltreffende wyse deur die bepaling van gebiede van beheer hanteer kan word. Drie gebiede van beheer word deur hierdie Verordening toegepas, naamlik maksimum, gedeeltelike en minimum gebiede van beheer. Die potensiaal vir buitereklaam en die soort tekens wat oorweeg sal word, word dus bepaal deur sekere soorte tekens in sekere gebiede van beheer toe te laat. Beheermaatreëls word deur middel van goedkeuring of weiering toegepas, en deur middel van algemene en spesifieke voorwaardes en vereistes.

Die volgende advertensietekens is buitereklaam, maar wat sonder derdepartyreklame, nie buitereklaam binne die trefwydte van hierdie Verordening uitmaak nie:

- (i) Gemagtigde toeristebestemmingstekens soos omskryf deur die Padverkeershandleiding.
- (ii) Gemeenskapsinligting-/opvoedkundige naamborde.
- (iii) Enige teken wat ingevolge die wet vertoon moet word, insluitende padverkeerstekens wat ingevolge enige Wet van die Parlement, Provinsiale Wet of Verordening opgerig word.

Ten slotte sit hierdie Verordening die prosedures uiteen wat gevolg moet word en die kriteria wat gebruik moet word wanneer goedkeuring vir 'n teken wat op buitereklaam in die Stad Kaapstad van toepassing is, verkry moet word. Deur dit te doen, bevestig die Verordening dat daar 'n aansienlike hoeveelheid tegniese besonderhede is wat op spesifieke soorte tekens en hulle trefkrag in spesifieke omgewings van toepassing is. Die spesifieke vereistes vir spesifieke tekens word in die Bylaes hierby uiteengesit. Die Bylaes is deel van die Verordening. Hierdie Bylaes is nie minder belangrik as die inhoud van die Verordening self nie.

**INHOUDSOPGAWE****A. WOORDOMSKRYWINGS****B. INDIENING VAN AANSOEKE**

Artikel: 1 tot 8

**C. GELDE EN ALGEMENE FAKTORE VIR OORWEGING**

Artikel: 9 tot 10

**D. FAKTORE WAT MET SPESIFIEKE SOORTE ADVERTENSIES/GEBIEDE VAN BEHEER EN KOMMERSIEEL GEBORGDE ADVERTENSIE TEKENS VERBAND HOU**

Artikel: 11

**E. STANDAARDVOORWAARDES VIR GOEDKEURING**

Artikel: 12 tot 43

**F. GOEDKEURING**

Artikel: 44 tot 49

**G. APPÉL**

Artikel: 50 tot 54

**H. ADVERTENSIES WAARVOOR GOEDKEURING NIE VEREIS WORD NIE**

Artikel: 55 tot 64

**I. ONTSIERING**

Artikel: 65

**J. SKADE AAN MUNISIPALE EIENDOM**

Artikel: 66

**K. DIE MUNISIPALITEIT SE BETREDINGS- EN INSPEKSIEREG**

Artikel: 67

**L. MISDRYWE**

Artikel: 68 tot 73

**M. VERMOEDES**

Artikel: 74

**N. TOEPASSING EN VERWYDERING**

Artikel: 75 tot 79

**O. BETEKENING VAN KENNISGEWINGS**

Artikel: 80

**P. JURISDIKSIE**

Artikel: 81

**Q. HERROEPING**

Artikel: 82 tot 84

**R. VOORBEHOUDE**

Artikel: 85

**BYLAES**

Bylae 1 — Gebiede van beheer

Bylae 2 — Aanplakborde

Bylae 3 — Ligginggebonde vrystaande en samegestelde advertensies

Bylae 4 — Advertensies wat op mure van geboue aangebring word — plat en uitsteektekens

Bylae 5 — Kimtekens

Bylae 6 — Dakadvertensies

Bylae 7 — Advertensies op'n veranda, balkon, sondak, steunkolomme, pilare en pale

Bylae 8 — Advertensies op grensmure, heinings of bouterreine

Bylae 9 — Plakkate met koerantopskrifte

Bylae 10 — Baniere, vlag en ballonne

Bylae 11 — Plakkate

Bylae 12 — Eiendomsagenttekens

Bylae 13 — Los, draagbare advertensies

Bylae 14 — Lugadvertensies

Bylae 15 — Transito-reklame

Bylae 16 — Advertensies op munisipale grond/geboue

Bylae 17 — Advertensies deur/vir nie-winsgewende liggame



## A. WOORDOMSKRYWING

In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

“*aangewese metropolitaanse pad*” ’n klas 1-pad (deurpaai en snelweë), klas 2-pad (hoofverkeersweë) en klas 3-pad (sekondêre verkeersweë) soos van tyd tot tyd grafies uitgebeeld op KAART CMT.R-0007, wat van tyd tot tyd ingevolge die Wet op Stedelike Vervoer (Wet 78 van 1977) deur die Munisipaliteit uitgereik word;

“*aanplakbord*” enige vrystaande skerm of bord wat groter as 4,5 m<sup>2</sup> in totale omvang is; wat ondersteun word deur of uit ’n struktuur bestaan wat gebruik word of bedoel is om vir die aanplak, vertoon of wys van ’n advertensie gebruik te word;

“*advertensie*” enige verteenwoordiging van ’n woord, naam, letter, syfer of voorwerp of ’n afkorting van ’n woord of naam, of enige simbool; of enige lig wat nie uitsluitlik vir verligting of as ’n waarskuwing teen enige gevare bedoel is nie en “*reklame*” het ’n soortgelyke betekenis;

“*banier*” enige materiaal waarop ’n advertensie op so ’n wyse vertoon word dat dit in windstille toestande ten volle leesbaar is, vasgeheg aan een of meer toue, pale of vlagpale wat vertikaal, horisontaal of met ’n hoek uitsteek, of aan geboue of spesiale strukture bevestig is, maar sluit nie baniere in wat as deel van ’n optog gedra word nie. ’n Vlag wat nie op ’n goedgekeurde vlagpaal vertoon word nie, word vir die doeleindes van hierdie Verordening, ’n banier geag te wees.

“*bestaande advertensie*” enige advertensieteken wat voorheen deur die Munisipaliteit goedgekeur is;

“*beweegbare advertensie*” ’n advertensie wat nie permanent bevestig is nie en nie bedoel is om in een posisie bevestig te bly nie, maar sluit nie enige bewegende deel op ’n permanent bevestigde advertensie in nie;

“*dakadvertensie*” ’n advertensie wat op die dak van ’n gebou aangebring is waar die boonste rand van enige punt van daardie advertensie nie die hoogte van die dakvlak waarop dit aangebring is, oorskry nie;

“*derdepartyreklame*” die reklame van goedere of dienste wat nie vervaardig, verkry, verkoop of afgelewer word vanaf die eiendom waarop die advertensie en/of teken wat daardie goedere of dienste adverteer, aangebring of geplaas is nie, en sluit reklame in wat nie liggingsgebonde is nie asook die vertoning van ’n advertensie wat op die eiendom gemaak, verkry of verkoop word maar goedere of dienste adverteer wat nie op daardie eiendom gemaak, verkry, verkoop of afgelewer word nie;

“*diensstasiefasiliteitsadvertensie*” vrystaande advertensies by petrolvulstasies, rus- en diensplekke langs die pad en sluit diensstasiepiloonaadvertensies in;

“*dikte*” met betrekking tot ’n uitsteekadvertensie, die wydte van sodanige advertensie parallel gemeet met die vlak van die hoofmuur waarop sodanige advertensie aangebring is;

“*doelgemaakte ontwerp*” die ontwerp van enige teken met spesiale effekte soos spesialiskarakteruitsnedes en/of figure en/of driedimensionele voorstellings of bewegende dele en wat eenmalig vir oprigting op ’n spesifieke plek ontwerp en/of gebou word;

“*driedimensionele advertensie*” ’n advertensie wat meer as 2 dimensies bevat, insluitende produkreplikas;

“*eiendomsagentskap*” ’n persoon wat eiendomme bemark en/of verkoop met of sonder geboue wat daarop opererig is en “*eiendomsagent*” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“*elektroniese advertensie*” ’n advertensie met ’n elektronies beheerde, verligte oppervlak wat toelaat dat die hele advertensie, of ’n gedeelte van die advertensie op verskillende maniere verander of verlig kan word;

“*Erfenisimpakbeoordeling*” (EIB) ’n visuele beoordeling van die impak wat enige voorgestelde advertensie op die kulturele erfenis kan hê, hetsy gebou of erken, by die plek waar die voorgestelde advertensie vertoon sal word;

“*gebiede van beheer*” daardie gebiede wat in Bylae 1 van die Verordening uiteengesit word; en wat van tyd tot tyd verander en/of gewysig kan word, welke veranderinge en wysigings grafies uitgebeeld sal word by wyse van kaarte wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit voorberei word;

“*geborgde advertensie*” ’n advertensie wie se primêre doel nie die advertering van goedere of dienste is nie maar wat ’n grafiek of inhoud vertoon wat gemeenskaps- of openbare bewustheid van ’n erkende openbare of gemeenskapsdoelwit bevorder;

“*gemeenskaplike grensfasade*” enige fasade van ’n gebou wat aangrensend aan die agterkant of sygrens van ’n erf gebou word en welke fasade blind is. Dit beteken dat dit geen boukundige kenmerke, insluitende vensters, het nie;

“*geprojekteerde advertensie*” enige advertensie wat deur ’n laserprojektor, videoprojektor of ander apparaat geprojekteer word;

“*gesinjaleerde verkeerskruising*” ’n kruising wat deur verkeerseine beheer word;

“*goedkeuring*” goedkeuring deur die Munisipaliteit of deur beamptes, subrade se komitees of uitvoerende raadslede uit hoofde van magte wat aan hulle gedelegeer is; en “*goedkeur*” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“*grafiek*” sluit enige komponent in wat tot die visuele voorkoms of estetika van ’n advertensie bydra, insluitende die agtergrond daarvan, maar is nie daartoe beperk nie;

“*handelsreklame*” enige woorde, letters, logos, syfers, simbole, prentjies wat met die naam van ’n besigheid, bedryf, vennootskap, individu verband hou, of enige inligting, aanbeveling of waarskuwing; ten opsigte van enige bepaalde goedere wat vervaardig of verkoop word, of enige bepaalde dienste wat gelewer of aangebied word, of enige gebeurtenis vir handel of vermaak, insluitende sportbyeenkomste;

“*hoofopskrifplakkaat*” ’n tydelike plakkaat wat die inhoud van ’n dagblad of weeklikse koerant adverteer;

Die “*hoogte van ’n advertensie*” word bereken deur die vertikale afstand tussen die boonste en laagste gedeeltes van die struktuur te meet. “*intern verligte advertensie*” ’n advertensie of struktuur wat gebruik word om ’n advertensie te vertoon wat met elektriese of ander krag geïnstalleer is en ’n

kunsmatige ligbron wat ten volle of gedeeltelik in die struktuur of advertensie ingesluit is en welke lig bedoel is om die advertensie of 'n gedeelte daarvan te verlig;

*"kimteken"* 'n advertensie waar die boonste rand van enige punt van daardie advertensie die hoogte van die dakvlak waarop dit aangebring is, oorskry;

*"kommersieel geborgde advertensie"* 'n advertensie wat goedere of dienste adverteer; maar waarvan die oprigting 'n tweede doel dien, naamlik om een of ander erkende openbare of gemeenskapsdoelwit of —funksie te bevorder of daartoe by te dra;

*"konsultant"* 'n paslik gekwalifiseerde onafhanklike persoon of maatskappy wat namens of as agent optree van 'n aansoeker om goedkeuring van 'n advertensie ingevolge hierdie Verordening;

*"liggingsgebonde reklame"* enige advertensie wat op 'n spesifieke erf, perseel of gebou vertoon word en kan (onderhewig aan 'n voorgeskrewe oorskrydingsgeld) sodanige advertensie op grond in munisipale besit, naby of aangrensend aan en/of 5 meter vanaf die bogenoemde erf, perseel of gebou insluit; welke advertensie na 'n aktiwiteit, produk, diens of attraksie verwys, geleë, verskaf of voorsien op of van daardie erf of daardie perseel;

*"los draagbare advertensie"* 'n vrystaande liggingsgebonde kennisgewing of reklamebord wat in 'n padreservaat of openbare oop ruimte geplaas of opgerig word;

*"lugadvertensie"* 'n advertensie wat in die lug vertoon of uitgevoer word, insluitende maar nie beperk nie tot ballonne en ballonskepe wat vanaf die Munisipaliteit se regsgebied gesien kan word;

*"Munisipaliteit"* die Munisipaliteit van die Stad Kaapstad en sluit enige uitvoerende raadslid, of komitee of subraad in wat deur die Munisipaliteit daargestel is, of enige werknemer daarvan, of behoorlik gemagtigde agent daarvan wat in verband met hierdie Verordening optree uit hoofde van die bevoegdheid wat by die Munisipaliteit berus en aan sodanige werknemer of agent gedelegeer is;

*"nie-winsgewende liggaam"* 'n liggaam wat hoofsaaklik daargestel is om 'n gemeenskapsdoelwit of voordeel sonder direkte of persoonlike finansiële wins te bevorder; en kan opvoedkundige, sport-, mediese en munisipale departemente, liggames sowel as liefdadigheids- of gemeenskapsorganisasies insluit. Die Munisipaliteit kan op dokumentêre bewys (wat die voorlegging van bankstate kan behels) van die nie-winsgewende status of gemeenskapsvoorbedoelwit van die liggaam aandring;

*"nuwe advertensie"* enige advertensie wat vir die eerste keer na die afkondiging van hierdie Verordening vertoon word;

*"Omgewingsimpakbeoordeling"* (OIB) 'n beoordeling wat ingevolge die Munisipaliteit se riglyne vir buiterekame onderneem word;

*"ontwikkelingsbord"* 'n advertensie wat op 'n perseel vertoon word waar boubedrywighede huidiglik aan die gang is en wat met enige dienste verskaf, werk onderneem, of goedere wat in verband met sodanige boubedrywighede voorsien word, verband hou. Dit sluit egter nie kontrakborde vir gebou- en siviele ingenieursprojekte soos vereis ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) soos van tyd tot tyd gewysig en omskryf ingevolge die Algemene Kontrak- en/of Spesifikasievoorwaardes van die paslike instellings in nie;

*"openbare plek"* enige openbare pad, openbare straat, deurgang, brug, duikweg, looppad, sypaadjie, voetpad, voetgang (of soortgelyke voetgangergedeelte van 'n padreservaat), laan, plein, oop ruimte, tuin, park of ingeslote plek wat by die Munisipaliteit of ander staatsowerheid berus, of as sodanig op die landmeter-generaal se rekords aangedui word, of deur die publiek gebruik word of as sodanig ingevolge die toepaslike soneringskema gesoneer is;

*"openbare fasade"* enige fasade wat vensters of ander boukundige geledinge het;

*"openbare pad"* 'n openbare pad soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

*"padowerheid"* die padowerheid soos omskryf in Artikel 2 van die Paaie-ordonnansie (Ordonnansie 19 van 1976);

*"padreservaat"* die gebied wat binne die statutêre breedte van 'n pad geleë is, en sluit ryvlakke, skouers en sypaadjies in en die lugruimte bokant sodanige ryvlakke, skouers en sypaadjies en al die ander gebiede binne sodanige padreservaatgrens;

*"perimeter van 'n kruising"* die perimeter van die gebied wat ingesluit word by die verlenging van die padreservaatlyne van twee of meer openbare paaie wat met enige hoek by mekaar aansluit, hetsy sodanige openbare pad die ander een kruis al dan nie;

*"persoon"* sluit die volgende in:

- (a) enige staatsinstelling
- (b) enige maatskappy wat as sodanig ingevolge enige wet ingelyf of geregistreer is
- (c) enige liggaam van persone, hetsy ingelyf al dan nie, wat as 'n enkelentiteit vir watter doel ook al funksioneer.

*"plakkaat"* enige tydelike advertensies wat aan die Munisipaliteit se elektriese liggale vasgemaak kan word en/of op vaste strukture opgeplak word om byeenkomste of veldtogte te adverteer, insluitende verkiesings of referendums van beperkte duur maar nie advertensies insluit wat markte, uitstallings of byeenkomste adverteer wat op 'n gereelde grondslag vir meer as twee dae per maand gehou word nie;

*"plat advertensie"* 'n advertensie wat aan 'n muur van 'n gebou bevestig of direk daarop gevef is, maar nie op of oor vensters of deure of boukundige geledinge nie, en wat nêrens meer as 250 mm voor die oppervlak van sodanige muur uitsteek nie;

*"poortroete"* 'n prominente roete met 'n ingang tot of uitgang van 'n spesifieke gedeelte van die Munisipaliteit se jurisdiksie, bestaande uit kunsmatige of natuurlike terreingesteldhede en wat 'n sterk sin van aankoms of vertrek skep en in ooreenstemming met stadsbeplanning en/of ontwikkelingsraamwerkplanne en -beleid is. Hierdie roetes kan geografies uitgebeeld word by wyse van kaarte of van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit gelys word;

*"reklamestruktuur"* enige fisiese struktuur wat gebou is of in staat is om 'n advertensieteken te vertoon;

*"ryvlak"* daardie gedeelte van 'n pad, straat of deurgang wat verbeter, gebou of vir voertuigverkeer bedoel is soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“*samegestelde advertensie*” ’n enkel, vrystaande reklamestruktuur vir die vertoning van meer as een advertensieteken;

“*sekuriteitsteken*” ’n buite-advertensie vir buurtwag- en soortgelyke skemas, en ’n advertensie wat die naam, logo, adres en telefoonnommer van ’n sekuriteitsmaatskappy bevat wat gekontraakteer, of sekuriteitstelsel wat geïnstalleer is om die perseel waarop die teken vertoon word, te beskerm;

“*sone*” ’n grondgebruiksone soos uiteengesit in die betrokke soneringskemas of Stadsbeplanningsregulasies soos van tyd tot tyd gewysig en van toepassing op enige erf waarop ’n advertensie vertoon word of waarskynlik vertoon sal word en “*sonering*” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“*Staatsinstelling*”:

(a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer van regering;

(b) enige ander funksionaris of instelling:

(i) wat ingevolge die Grondwet of ’n provinsiale grondwet ’n bevoegdheid uitoefen of ’n funksie verrig; of

(ii) ingevolge enige ander wetgewing ’n openbare bevoegdheid uitoefen of ’n openbare funksie verrig.

“*stadsgrensllyn*” ’n vooraf bepaalde punt-tot-punt grensllyn soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal, met die doel om stedelike ontwikkeling in toom te hou;

“*straatmaamtekens*” tekens wat op ’n paal gemonteer en dubbelsydig is, intern verlig of onverligte tekens wat in kombinasie met name van strate vertoon word, en nie 1 m<sup>2</sup> oorskry nie;

“*straatuitrusting*” openbare fasiliteite en strukture wat nie hoofsaaklik vir reklame bedoel is nie en sluit sitbanke, planthouers, blikke, blikke wat aan ’n paal gemonteer is, buskuilings, sypaadjehorlosies, drinkspuite, Telkom-kaste, verkeerseinbeheerders, elektristeitskaste, posbusse en telefoonhokkies in, maar is nie daartoe beperk nie, met uitsluiting van padverkeerstekens, verkeerseine, straatligte of enige ander padverwante strukture;

“*subraad*” ’n metropolitaanse subraad bedoel in Artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

“*teken*” enige voorwerp, produk, replika, reklamestruktuur, muurskildering, toestel of bord wat gebruik word om ’n advertensie in die openbaar te vertoon of wat op sigself ’n advertensie is; en sluit ’n plakkaat en ’n aanplakbord in;

“*totale hoogte*” met betrekking tot ’n advertensie, die vertikale afstand tussen die boonste rand van die advertensie en die afgewerkte vlak van die grond, looppad of rypad onmiddellik onder die middelpunt van die advertensie;

“*transito-reklame*” reklame deur middel van ’n beweegbare advertensie wat padlangs op of tesame met ’n gemotoriseerde voertuig vervoer kan word, insluitende sleepwaens wat hoofsaaklik vir reklame gebruik word;

“*tydelike advertensies*” advertensies wat vir ’n maksimum tydperk van 14 dae vertoon word, of sodanige ander tydperk wat deur die Munisipaliteit goedgekeur mag word;

“*uitsigpad*” ’n pad wat as sodanig in ’n goedgekeurde soneringskema aangewys is of waarvandaan landskappe of kenmerke van estetiese of kulturele betekenis gesien of besigtig kan word, soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit aangewys;

“*uitsteekadvertensie*” ’n advertensie wat aan ’n muur van ’n gebou bevestig word en wat by een of ander punt meer as 250 mm voor die oppervlak van sodanige muur uitsteek;

“*vensteradvertensies*” advertensies wat tydelik of permanent op die vensterglas van ’n gebou gevef of daaraan bevestig is;

“*veranda*” sluit ’n vrydraende sondak en sonblinding in;

“*verkeersein*” ’n padverkeersein soos bepaal in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“*Verkeersimpakbeoordeling*” (VIB) ’n studie wat deur ’n geregistreerde Professionele Ingenieur met bewysbare ondervinding op die gebied van verkeersingenieurswese onderneem is en wat die impak van ’n voorgestelde teken op voertuig-/voetganger-/fietsryersveiligheid en verkeersbedryf ondersoek. Die studie moet enige versagtende maatreëls wat as gevolg van daardie impak vereis mag word, aanbeveel;

“*verkeersteken*” ’n padverkeersteken soos bepaal in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“*vertoon*” die vertoon van ’n advertensieteken en sluit die oprigting van enige aanplakbord, teken of struktuur in wat uitsluitlik of hoofsaaklik vir die ondersteuning van ’n teken of aanplakbord bedoel is; en daarbenewens, sluit dit die vertoon van ’n advertensieteken van ’n besigheid, handelsvennootskap of individu in wat met die inhoud van die teken of die teken self verband hou; en “*vertoning*” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“*vervoerderminusse*” enige gebied wat deur die Munisipaliteit as sodanig aangewys is, waar die formele verwisseling van openbare vervoermittele deur die publiek plaasvind, insluitende maar nie beperk nie tot aangewese spoorwegstasies, amptelike taxi- en busterminusse;

“*voordurende misdryf*” ’n misdryf ingevolge hierdie Verordening wat na die verstryking van die kennistydperk bedoel in ’n kennisgewing wat ingevolge hierdie Verordening beteken is, voortduur;

“*vryhoogte*” met betrekking tot ’n advertensie, die vertikale afstand tussen die laagste kant van die advertensie en die natuurlike vlak van die omliggende grond, looppad of rypad onmiddellik onder die teken;

“*vrystaande advertensie*” enige advertensie of groep advertensies wat op een vrystaande struktuur vertoon word of daarin vervat is, welke struktuur nie aan ’n gebou of enige ander struktuur of voorwerp wat nie vir die primêre doel van reklame beoog word, bevestig is nie;

“*wet*” enige wet, proklamasie, ordonnansie, Wet van die Parlement of Provinsiale Wetgewing, of enige ander wetsvoorskrif wat geldig is;

“*winkel*” ’n gebou wat vir kleinhandel of -dienste gebruik word;

**B. INDIENING VAN AANSOEKE**

1. Behalwe vir daardie advertensies bedoel in Artikel 55 tot 62 hieronder, mag niemand enige advertensie vertoon of enige teken of reklamestruktuur vir advertensiedoeleindes oprig of gebruik sonder die Munisipaliteit se goedkeuring ingevolge hierdie Verordening of enige ander toepaslike wetgewing nie.
2. Elkeen wat voornemens is om 'n nuwe advertensie te vertoon of 'n bestaande, goedgekeurde teken te verander of iets daartoe by te voeg; of 'n plan vir advertensietekens ingevolge 'n Terreinontwikkelingsplanvoorstel indien, moet skriftelik by die Munisipaliteit aansoek doen, welke aansoek van die volgende inligting in tweevoud versesel moet word:
  - 2.1 'n Terreinplan wat die terrein aantoon waarop die advertensie opgerig of vertoon gaan word, geteken op 'n skaal van nie minder nie as 1:200 wat die posisie van die advertensie en die gebou, indien enige, waaraan dit bevestig gaan word duidelik en akkuraat aantoon en elke gebou en bestaande advertensies op die perseel, huidige en voorgestelde terreinuitleg, verkeerseine en padverkeerstekens, en die posisie met afmetings van die advertensie of die advertensie in verhouding tot die grense van die terrein en die ligging van die strate aangrensend aan die terrein, tesame met sy bestaande goedgekeurde soneringsvoorwaardes aantoon.
  - 2.2 'n Tekening wat aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) voldoen en voldoende besonderhede toon om die Munisipaliteit in staat te stel om die voorkoms van die advertensie en al die betrokke konstruksiebesonderhede te oorweeg, insluitende 'n beskrywing van die materiaal waaruit die advertensie gemaak gaan word, die kleure wat gebruik gaan word, en of die advertensie verlig gaan word al dan nie; en in laasgenoemde geval moet die plan aandui of die advertensie 'n elektroniese advertensie is of nie, en indien wel, moet volledige besonderhede verstrek word.
  - 2.3 Die tekening bedoel in Artikel 2.2 hierbo, moet gedetailleerde tekeninge van sodanige advertensie insluit op 'n skaal van nie minder nie as 1:20 en 'n terreinplan wat die posisie van die advertensie op die terrein aandui op 'n skaal van nie minder nie as 1:50.
  - 2.4 Indien die voorgestelde grafieke van die advertensie op enige stadium gedurende die voorgestelde vertoontydperk gewysig of verander moet word, moet sodanige voorneme in die aansoek gespesifiseer word, tesame met 'n onderneming dat elke voorgestelde verandering van die grafieke twee weke voor die voorgestelde vertoning daarvan vir vooraf goedkeuring by die Munisipaliteit ingedien sal word, by versuim waarvan slegs die voorgestelde grafieke vir goedkeuring oorweeg sal word.
  - 2.5 Indien 'n advertensie aan die muur of fasade van 'n gebou bevestig of vertoon gaan word, kan die Munisipaliteit vereis dat 'n addisionele tekening ingedien moet word wat 'n aansig van die gebou in kleur, die besonderhede en posisie van die voorgestelde advertensie en die besonderhede en posisie van elke bestaande advertensie op die gebou aantoon, geteken op 'n skaal van nie minder nie as 1:100, of die Munisipaliteit kan 'n kleurafdruk of 'n kunstenaar se fotografiese of rekenaargegenereerde afdruk van die gebou vereis met die besonderhede van die voorgestelde advertensie wat op sodanige grafiek gesuperponeer word en wat so na as wat prakties moontlik is op dieselfde skaal as dié van die grafiek geteken is.
  - 2.6 Indien die aansoeker nie die geregistreerde eienaar van die eiendom waarop die advertensie opgerig gaan word is nie, moet die aansoeker die handtekening van die geregistreerde eienaar van die grond of gebou waarop die advertensie opgerig is en wat daardie persoon se kennis van en toestemming tot die aansoek aandui, verkry.
  - 2.7 Op versoek van die Munisipaliteit; sodanige addisionele tekeninge, berekeninge en ander inligting wat nodig mag wees om die Munisipaliteit in staat te stel om die geskiktheid te bepaal van die voorgestelde manier waarop enige voorgestelde advertensie, teken of aanplakbord bevestig, aangebring of gestut gaan word en die vermoë daarvan om alle laste en kragte waaraan die advertensie, reklame- of aanplakbord blootgestel mag word, te weerstaan, en die toereikendheid van die veiligheidsgrens teen defek.
3. Die Munisipaliteit kan vereis dat 'n Omgewingsimpakbeoordeling (óf die 1ste stadium daarvan, synde die voltooiing van 'n Omgewingsoorsiglys, óf in sy geheel), Erfenisimpakbeoordeling en/of 'n Verkeersimpakbeoordeling ingedien word.
4. Indien volgens die mening van die Munisipaliteit, 'n gemeenskap of gedeelte daarvan, of 'n persoon deur die voorgestelde advertensie geraak gaan word, kan 'n openbare deelnameproses voor die oorweging van goedkeuring vereis word, welke openbare deelnameproses aan die Munisipaliteit se beleid rakende openbare deelname moet voldoen.
5. Die Munisipaliteit sal 'n reklamehoofplan vereis ten opsigte van enige ontwikkeling waar die oprigting van verskeie advertensies voorgestel word of waar die rasionalisering van voorheen goedgekeurde advertensies vereis word om hom in staat te stel om 'n stelselmatige ontwerphoofplan voor die beoordeling van enige afsonderlike advertensie te oorweeg.
6. Die Munisipaliteit moet die aansoeker van enige addisionele vereistes binne 21 werksdae vanaf die datum waarop die oorspronklike aansoek ingedien is en die betaling van die aansoekgeld in kennis stel.
7. Die Munisipaliteit is daarop geregtig om 'n afskrif van elke dokument wat aan hom as deel van 'n aansoek voorsien word, te behou, maar is nie verplig om dit te doen nie.
8. Die Munisipaliteit kan skriftelike kennisgewing vereis van die aansoeker of persoon wat 'n goedgekeurde advertensie oprig, dat sodanige advertensie opgerig is.

**C. GELDE EN ALGEMENE FAKTORE WANNEER GOEDKEURING EN/OF WYSIGING/VOORWAARDES VAN GOEDKEURING OORWEEG WORD**

9. Elkeen wat by die Munisipaliteit om goedkeuring ingevolge hierdie Verordening aansoek doen, moet by aansoek 'n aansoekgeld aan die Munisipaliteit betaal wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal word. Daarbenewens moet by goedkeuring van 'n aansoek, 'n goedkeuringsgeld betaal word wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal word. Geen advertensie sal opgerig word tot tyd en wyl beide die aansoek- en goedkeuringsgeld ten volle betaal is nie.
10. Wanneer 'n aansoek vir die vertoning van 'n advertensie of die oprigting van 'n advertensie ingevolge hierdie Verordening oorweeg word, of 'n wysiging of voorwaarde wat by 'n goedkeuring voorgeskryf is of voorgeskryf gaan word, moet die Munisipaliteit die volgende faktore in ag neem:
  - 10.1 Die gebied van beheer waarin die voorgestelde advertensie opgerig of vertoon gaan word soos uiteengesit in Bylae 1 wat hierby aangeheg is. Verder met dien verstande dat indien 'n advertensie in meer as een moontlike gebied van beheer val of indien 'n voorgestelde advertensiegebied wat in een gebied van beheer geleë is 'n impak op 'n aanliggende gebied van beheer kan hê, het die Munisipaliteit die reg om die gebied van beheer wat op daardie aansoek betrekking het, te bepaal;

- 10.2 Die tipe ligging of landskap en die reklamegeleenthede wat op daardie gebied van beheer betrekking het;
- 10.3 Die aantal advertensies wat reeds op die erf en in die omliggende gebied van die betrokke erf vertoon word of vertoon gaan word;
- 10.4 Die bevindings van enige Verkeersimpakbeoordeling, Omgewingsimpak- of Erfenisimpakbeoordeling, maar meer spesifiek enige sodanige bevinding of die voorgestelde advertensie nadelig vir die omgewing sal wees of die gerief of ligging of buurt of geraakte eiendom, nadelig sal beïnvloed;
- 10.5 Liggingsgebonde advertensies moet verband hou met die wettige gebruik van 'n eiendom; met dien verstande dat geen sodanige advertensie op woonpersele of gedeeltes daarvan aangebring of daarop geplaas mag word nie behalwe soos deur of vir tuisnywerhede en wettige tydelike gebruike toegelaat word nie;
- 10.6 Die uitkoms van enige prosens van openbare deelname rakende die voorgestelde advertensie;
- 10.7 Die bepalings van Artikel 12 tot 40 inklusief, van hierdie Verordening;
- 10.8 Dat geen advertensie of reklame so ontwerp of vertoon word nie:
  - 10.8.1 dat dit 'n gevaar vir enige persoon of eiendom inhou;
  - 10.8.2 dat dit enige materiaal of grafiek sal vertoon wat, weens die gestalte, inhoud of albei, redelik waarskynlik aanstootlik vir die publiek of 'n identifiseerbare klas van persone sal wees;
  - 10.8.3 dat dit nadelig vir die omgewing of gerief van die buurt is vanweë sy grootte, intensiteit, herhaling, verligting, gehalte van die ontwerp, materiaal, voorgestelde grafiek, ligging, of om enige ander rede;
  - 10.8.4 dat dit enige ander advertensies wat ingevolge hierdie Verordening of sy voorganger goedgekeur is, sal belemmer;
  - 10.8.5 dat dit nadelig sal wees of andersins 'n nadelige impak op die omgewing sal hê, hetsy kunsmatig of natuurlik.
- 10.9 Wanneer 'n voorstel vir nuwe grafieke ten opsigte van 'n advertensie wat ingevolge hierdie Verordening goedgekeur is, oorweeg word, moet die Munisipaliteit die faktore bedoel in Artikel 10.4 tot 10.8 inklusief, in ag neem.
- 10.10 Die Munisipaliteit sal slegs 'n aansoek om verlenging van die goedkeuringstydperk (ingevolge Artikel 47) oorweeg op voorwaarde dat die genoemde advertensie aan die bepalings van hierdie Verordening soos op die datum van aansoek om sodanige verlenging, voldoen.
- 10.11 Die Munisipaliteit moet die faktore bedoel in Artikel 10.4 tot 10.8 in ag neem wanneer 'n aansoek om 'n verlenging van die goedkeuringstydperk ingevolge Artikel 47 oorweg word. Waar die goedkeuringstydperk deur die Munisipaliteit verleng word, moet die verlengingstydperk nie 'n verdere tydperk van 5 jaar oorskry nie.
- 10.12 Enige aansoek om 'n verlenging van 'n goedkeuringstydperk ingevolge Artikel 47 moet vergesel word van die gelde bedoel in Artikel 9 hierbo; wat beide 'n aansoek- en goedkeuringsgeld is.

#### **D. FAKTORE WAT MET SPESIFIEKE ADVERTENSIES, GEBIEDE VAN BEHEER EN KOMMERSIEEL GEBORGDE ADVERTENSIES VERBAND HOU**

11. Die Munisipaliteit moet, benewens die faktore wat hierbo uiteengesit word, sekere minimum standaarde op sekere spesifieke advertensietipes en voorgestelde liggings toepas wanneer 'n aansoek om goedkeuring ten opsigte daarvan gedoen word en moet sekere spesifieke kriteria op aansoeke vir die oprigting van advertensies deur nie-winsgewende liggame toepas. Hierdie spesifieke standaarde en kriteria word as Bylaes tot hierdie Verordening uiteengesit. Bylae 1 tot hierdie Verordening dui die gebiede van beheer aan waarin sekere spesifieke advertensietipes toegelaat kan word, maar altyd onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening en verder onderhewig aan enige addisionele vereiste wat betrekking het op 'n spesifieke advertensietipe soos in die volgende Bylaes uiteengesit:

##### **Bylae**

- Bylae 1 — Gebiede van beheer
- Bylae 2 — Aanplakborde
- Bylae 3 — Liggingsgebonde vrystaande en samestelde advertensies
- Bylae 4 — Advertensies wat op mure van geboue aangebring word — (plak en uitsteekadvertensies)
- Bylae 5 — Kimtekens
- Bylae 6 — Dakadvertensies
- Bylae 7 — Advertensies op 'n veranda, balkon, sondak, op steunkolomme, pilare en pale
- Bylae 8 — Advertensies op grensmure, heinings en bouterreine
- Bylae 9 — Plakkate met koerantopskrifte
- Bylae 10 — Baniere, vlage en ballone
- Bylae 11 — Plakkate
- Bylae 12 — Eiendomsagenttekens
- Bylae 13 — Los draagbare advertensies
- Bylae 14 — Lugadvertensies
- Bylae 15 — Transito-reklame
- Bylae 16 — Advertensies op munisipale grond/geboue
- Bylae 17 — Advertensies deur/vir nie-winsgewende liggame

Die Munisipaliteit kan 'n vrystelling van die voorwaardes van hierdie Verordening toestaan ten opsigte van die soorte advertensies of gebiede van beheer soos uiteengesit in Bylae 10, 11 en 12 hiervan met betrekking tot:

- (i) die gebied van beheer waar die advertensie(s) vertoon gaan word;
- (ii) die aard van die byeenkoms;

- (iii) die duur van die oprigting/vertoning van die advertensie;
- (iv) die grootte van die voorgestelde advertensie;
- (v) enige verkeers- en/of veiligheids- en/of omgewings- of erfenisimpakbeoordeling
- (vi) die uitkomst van enige openbare deelnameproses

#### **E. STANDARDVOORWAARDES VIR GOEDKEURING**

##### **STRUKTURELE VEREISTES**

12. Alle advertensies moet behoorlik gebou word en van die vereiste sterkte wees, veilig wees en aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) wat daarop betrekking het en soos van tyd tot tyd gewysig, voldoen.
13. Die aansoeker aan wie goedkeuring verleen is en die eienaar van die eiendom of die gebou waarop dit aangebring word, is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die instandhouding daarvan en moet minstens een inspeksie daarvan per jaar onderneem met die oog daarop om hulle van die veiligheid daarvan te vergewis.
14. Waar enige advertensie skeur of beskadig raak of andersins bouvallig word, moet die aansoeker aan wie goedkeuring verleen is en die eienaar van die toebehoorsel of eiendom waaraan of waarop 'n advertensie aangebring is, dit binne 7 werksdae vanaf 'n kennisgewing om dit te doen, regmaak.
15. Alle advertensies en hulle steunstrukture moet uit onbrandbare, duursame materiaal wat vir die funksie, aard en permanensie van die advertensie geskik is, gebou word.
16. Alle glas wat vir 'n advertensie gebruik word, behalwe glas wat vir verligting gebruik word, moet veiligheidsglas wees wat minstens 3 mm dik is.
17. Glaspaneel wat vir 'n advertensie gebruik word mag nie 0,9 m<sup>2</sup> in oppervlakte oorskry nie, en elke paneel moet stewig aan die romp van die advertensie, struktuur of toestel los van al die ander panele bevestig word.
18. Elke advertensie en sy steunstruktuur moet in 'n goeie toestand gehou word.
19. Geen advertensie mag so geplaas word dat dit enige venster of opening wat vir ventilasie van 'n gebou voorsien word, bedek nie, of enige trap of deur of ander uitgangsmiddel van die gebou belemmer nie, of die beweging van mense van een deel van 'n dak na 'n ander verhinder nie.
20. Geen advertensiestruktuur mag nader as die minimum afstand wat van tyd tot tyd voorgeskryf word aan oorhoofse elektriese toerusting wees nie.

##### **ELEKTRIESE VEREISTES**

21. Alle advertensies wat 'n elektriese aansluiting benodig moet verkieslik vanaf die bestaande elektriese toevoer op die erf waarop dit opgerig gaan word, voorsien word. Indien dit nie moontlik is nie, moet daar by die betrokke owerheid om elektrisiteitstoevoer wat met 'n meter gemeet word, aansoek gedoen word.
22. Elke advertensie in verband waarmee elektrisiteit gebruik word, moet van gepaste kapasitore voorsien word om steuring met radio- en televisie-ontvangs te voorkom.
23. Elke kragkabel en leipyp wat elektriese geleiers ten opsigte van 'n advertensie bevat, moet so geplaas word en so bevestig word dat dit veilig, onsigbaar, ontoeganklik en kinder- en diereveilig is.
24. Elke interne hoëspanningsinstallasie wat sonder toesig werk (soos 'n vensteruitstalling) en elke eksterne hoëspanningsinstallasie moet 'n aanvaarbare tipe brandweerskakelaar hê in ooreenstemming met die vereistes soos bepaal in Artikel 6.7.2 en 7.5 van SABS 0142 1993, afgekondig ingevolge die Wet op Beroepsgeondheid en Veiligheid.

##### **VERLIGTINGSVEREISTES**

25. Die Munisipaliteit kan 'n verligte advertensie goedkeur; met dien verstande dat daar aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen word en dat sodanige verligting nie 'n padveiligheidsgevaar uitmaak of oormatige ligverspilling veroorsaak nie.
26. Advertensies mag nie verlig word as geen advertensie-inhoud vertoon word nie.
27. Vereistes vir interne verligting en/of elektroniese advertensies:
  - 27.1 Intern verligte en elektroniese advertensies wat derdepartyreklame bevat mag slegs in gebiede van gedeeltelike en minimum beheer vertoon word en moet minder as 2,1 m<sup>2</sup> wees. Daar kan van die voorwaarde ten opsigte van die grootte tot 'n maksimum grootte van 4,5 m<sup>2</sup> in enige sodanige gebied afgesien word by ontvangs van 'n Omgewings- en Erfenisimpakbeoordeling wat aandui dat geen nadelige impak deur die voorgestelde vertoning veroorsaak sal word nie, of tot enige ander grootte wat deur die Munisipaliteit gespesifiseer word in 'n gebied wat deur die Munisipaliteit as 'n distrik aangewys word waarin verligte of elektroniese advertensies aangemoedig word.
  - 27.2 Elektroniese advertensies mag nie subliminale flitse hê nie.
  - 27.3 Die Munisipaliteit kan voor die oprigting vereis dat 'n Omgewingsimpakbeoordeling onderneem word, welke resultate moet aandui dat geen nadelige impak op verkeer verwag word nie. Daarbenewens kan die Munisipaliteit latere verkeersmonitering van enige intern verligte of elektroniese advertensie vereis.
28. Vereistes vir eksterne verligting:
  - 28.1 Die ligbron wat van spreiligte afkomstig is moet nie vir verkeersbeweging in ieder rigting sigbaar wees nie.
  - 28.2 Spreiligte mag nie so geplaas word dat hulle enige oormatige ligverspilling verby die oppervlakte van die advertensie veroorsaak nie.

28.3 Goedgekeurde gebruiksregte MOET van die elektrisiteitsdepartement verkry word voordat enige uitgrawings vir die installering van advertensies gedoen word. Dit is ook van toepassing op advertensies wat in die omgewing van oorhoofse kragpale opgerig word.

### VERKEERSVEILIGHEIDSVEREISTES

29. Advertensies mag nie in 'n gebied opgerig word waar hulle volgens die mening van die Padowerheid 'n onaanvaarbare afleiding vir bestuurders is, of waar bestuurders draai, deur kurwes of verkeersamevloeiings, uiteenlopiings of dwalings gaan nie.
30. Elektroniese advertensies word nie toegelaat waar hulle vanaf 'n klas 1-pad, poortroete of uitsigspad sigbaar is tensy dit uitdruklik, skriftelik deur die Padowerheid goedgekeur word nie.
31. Reklame op brûe, torings, telekommunikasiemaste of pilone sal nie toegelaat word nie.
32. Advertensies mag nie binne 50 m van die perimeter van 'n kruising van 'n aangewese metropolitaanse pad geleë wees tensy dit uitdruklik skriftelik deur die Padowerheid goedgekeur word nie.
33. Die grafiese inhoud van 'n advertensie moet nie die potensieel hê om visueel as 'n padverkeersteken vertolk te word nie, vanweë enige faktor, insluitende maar nie beperk nie tot die volgende:
  - (a) enige gestileerde of prente-uitbeelding van 'n padverkeersteken of verkeersein;
  - (b) enige woord, simbool, logo of ander toestel wat op 'n padverkeersteken gebruik word;
  - (c) die gebruik van kombinasies van kleure wat vir padverkeerstekens gespesifiseer is, op 'n manier wat waarskynlik tot verwarring sal lei;
  - (d) enige weerkaatsende verf of materiaal.
34. Advertensies mag nie in 'n gebied opgerig word waar die verkeersvolume, die gemiddelde volgfstand of ongeluksgeskiedenis 'n hoër as die gemiddelde bewustheidsgraad van bestuurders vereis nie.
35. Advertensies mag nie aan 'n padverkeersteken of verkeersein waarvoor daar spesifiek in die Suid-Afrikaanse Padverkeerstekenhandleiding en/of die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap se padverkeerstekenhandleiding voorsiening gemaak word, aangebring word of dit belemmer nie.
36. Advertensies mag nie binne 'n padreservaat van enige openbare pad opgerig word tensy dit uitdruklik deur die padowerheid goedgekeur is nie.
37. Waar advertensies by gesinjaleerde kruisings geplaas word, mag daar nie van die kleure rooi of geel of groen as die hoofkleur gebruik gemaak word nie en mag die advertensies nie enige padverkeersteken of verkeersein belemmer nie.
38. Elektroniese advertensies word nie binne 80 meter van die perimeter van 'n gesinjaleerde verkeerskruising toegelaat nie.
39. Flitsende of bewegende boodskappe of veranderlike oorgangsbodskappe met 'n boodskapsveranderingstussenpose van meer as 0,3 sekondes of wat oorgangseffekte tussen die verandering van boodskappe het, sal nie toegelaat word indien dit van 'n openbare pad sigbaar is nie.
40. Eenvoudige oorgangsadvertensies met statiese vertonings moet 'n volledige raamwerk vir 'n inligtingsikluslengte van nie minder nie as 60 sekondes vertoon wanneer dit van 'n gesinjaleerde verkeerskruising signaar is en 30 sekondes by ander liggings.
41. Alle derdeparty-advertensies wat groter as 4,5 m<sup>2</sup> is en langs 'n openbare pad of in 'n spoorwegreservaat opgerig word met die doel van reklame vir persone wat die aangewese metropolitaanse paaie gebruik, moet 'n minimum gespesifiseerde afstand van enige ander advertensie of padverkeersteken gespasieer word, welke afstand parallel met die middellyn van die rypad in ooreenstemming met Tabel 1 hieronder gemeet moet word.

**TABEL 1: LINEÛRE RUIMTE TUSSEN ADVERTENSIES**

Geval	Vereiste ruimte wanneer sigbaar vir verkeer op 'n pad met 'n spoed van:		
	≤ 60 km/u	61–80 km/u	81–120 km/u
Waar 'n advertensieteken 'n padteken volg	380 m	425 m	475 m
Waar 'n advertensieteken 'n advertensieteken volg	310 m	360 m	410 m
Waar 'n advertensieteken 'n padteken voorafgaan	40 m	70 m	100 m

42. Die bogenoemde minimum afstande wat in Tabel 1 hierbo gespesifiseer word, kan deur die Munisipaliteit verminder word indien die advertensie binne 'n gebied van minimum beheer val, of in ander gebiede van beheer by indiening van 'n Verkeersimpakbeoordeling (VIB) wat 'n vermindering van hierdie spasiering ten genoeë van die Munisipaliteit ondersteun. Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd 'n lys of kaart van aangewese gebiede voorberei waarin die bogenoemde spasieringsvereistes nie van toepassing is nie.

### WETLIKE VEREISTES

43. Alle advertensies wat opgerig en/of binne die regsgebied van die Munisipaliteit vertoon gaan word, moet benewens dat hulle aan hierdie Verordening moet voldoen, aan alle ander toepaslike wetgewing voldoen, insluitende enige toepaslike Soneringskemaregulasies of goedkeuringsvoorwaarde of enige afwyking van die toepaslike Soneringskemaregulasies.

### F. GOEDKEURING

44. Die Munisipaliteit kan enige aansoek weier of goedkeur onderhewig aan die voorwaardes wat met die oprigting en/of gebruik van die advertensie verband hou en insluitende 'n voorwaarde dat die eienaar van enige advertensie of aanplakbord of die grond of gebou waarop die opgerig of

vertoon word, of beide sodanige eienaars en/of die persoon wie se produk en/of dienste geadverteer word, die Munisipaliteit teen enige gevolge wat uit die oprigting, vertoning of blote teenwoordigheid van sodanige advertensie ontstaan, vrywaar.

45. Die Munisipaliteit kan te eniger tyd, die goedkeuring wat ingevolge hierdie Verordening of sy voorloper verleen is, terugtrek of enige voorwaarde wysig of 'n verdere voorwaarde ten opsigte van sodanige goedkeuring oplê, indien 'n advertensie of reklamestruktuur bouvallig is, vir meer as 90 opeenvolgende dae nie gebruik word nie, nie meer aan enige bepaling van hierdie Verordening voldoen nie, of aansienlik van die oorspronklike goedgekeurde aansoek verander word wat óf die struktuur óf die grafiese inhoud daarvan betref.
46. Indien 'n advertensie nie binne 12 maande vanaf die datum van goedkeuring of binne sodanige ander tyd wat in die goedkeuring voorgeskryf word, opgerig word nie, verval sodanige goedkeuring tensy daardie tydperk voor sodanige verstryking skriftelik deur die Munisipaliteit verleng word.
47. Enige goedkeuring van derdepartyreklame wat ingevolge hierdie Verordening deur die Munisipaliteit verleen is, is vir 'n maximum tydperk van 5 jaar geldig, bereken van die datum van goedkeuring, tensy dit skriftelik voor die verstryking van die goedkeuringstydperk verleng is. Die Munisipaliteit moet minstens ses kalendermaande voordat die goedkeuringstydperk verstryk, 'n skriftelike aansoek om verlenging van die goedkeuringstydperk ontvang.
48. Indien die struktuur wat sodanige advertensie ondersteun, voor die verstryking van die goedkeuringstydperk opsetlik afgebreek word, verval die goedkeuring en geen verdere advertensie of ondersteuningstruktuur mag opgerig op heropgerig word sonder die Munisipaliteit se vooraf verkreeë goedkeuring ingevolge hierdie Verordening nie.
49. Alle besluite deur die Munisipaliteit rakende aansoeke wat ingevolge hierdie Verordening gedoen is, moet skriftelik wees en binne 90 kalenderdae vanaf die datum waarop 'n volledige aansoek ingedien is, aan die aansoekers voorsien word, of anders, indien dit deur die Munisipaliteit vereis word, binne 90 kalenderdae van die ontvangs van enige addisionele inligting en/of beoordelings wat aan die Munisipaliteit voorsien word.

#### **G. APPÈL**

50. Enigiemand wie se regte deur 'n besluit wat in verband met hierdie Verordening deur die Munisipaliteit geneem is, geraak word kan teen daardie besluit appelleer deur binne 21 dae van die datum van die kennisgewing van die besluit skriftelike kennis van die appèl en redes aan die Stadsbestuurder te gee.
51. Die Stadsbestuurder moet die appèl onmiddellik aan die paslike appèlowerheid wat in Artikel 53 genoem word, voorlê.
52. Die appèlowerheid moet die appèl oorweeg, en die besluit bevestig, verander of terugtrek, maar geen sodanige verandering of terugtrekking van 'n besluit mag enige regte wat as gevolg van die besluit ontstaan het, verminder nie.
53. Die paslike appèlowerheid word bepaal deur die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000), soos van tyd tot tyd gewysig.
54. 'n Appèlowerheid moet binne ses weke na ontvangs van die appèl met die appèl begin en die appèl binne 'n redelike tydperk beslis.

#### **H. ONDERHEWIG AAN DIE NAKOMING VAN DIE VOORWAARDES WAT DAAROP BETREKKING HET EN/OF HIERONDER UITEENGESIT WORD, WORD DIE MUNISIPALITEIT SE GOEDKEURING NIE VIR DIE VOLGENDE ADVERTENSIES BENODIG NIE**

Indien enige teken nie aan die voorwaardes met betrekking tot elke advertensietipe wat hieronder gelys word, voldoen nie, word 'n aansoek ingevolge B vereis.

Onderhewig aan die voorwaardes met betrekking tot elke tipe advertensie wat hieronder gelys word, en enige ander toepaslike wetgewing, of voorwaarde wat deur die Munisipaliteit opgelê word, word geen aansoek om goedkeuring ingevolge hierdie Verordening ten opsigte van die volgende vereis nie:

55. Ontwikkelingsborde
  - 55.1 Ontwikkelingsborde moet onmiddellik verwyder word wanneer boubedrywighede voltooi is of onmiddellik verwyder word wanneer boubedrywighede beëindig word, of wanneer die verskaffing van die dienste, die doen van die werk of die voorsiening van die goedere waarop die teken betrekking het, opgehou het;
  - 55.2 Die Munisipaliteit kan die verwydering van enige sodanige teken gelas indien die boubedrywighede naasteby voltooi of beëindig is of 'n Bewoningssertifikaat deur die Munisipaliteit uitgereik is, of die verskaffing van die dienste, die doen van die werk of die voorsiening van die goedere waarop dit betrekking het, vir alle praktiese doeleindes opgehou het, of waarvoor regte nog nie goedgekeur is nie, en sodanige tekens moet dan onmiddellik verwyder word maar nie later nie as 5 dae na die datum van die opdrag om dit te verwyder;
  - 55.3 Indien die perseel waarop boubedrywighede aan die gang is, heeltemal of gedeeltelik vir woondoeleindes gebruik gaan word, mag slegs een ontwikkelingsbord vertoon word en sodanige ontwikkelingsbord mag nie 3 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie;
  - 55.4 Indien die perseel nie heeltemal of gedeeltelik vir woondoeleindes gebruik gaan word nie, mag nie meer as twee ontwikkelingsborde vertoon word nie en die gesamentlike oppervlakte van beide ontwikkelingsborde mag nie 5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie, en indien enige afwykings van die bogenoemde vrystelling voorgestel word, moet daar skriftelik om sodanige afwykings aansoek gedoen word;
  - 55.5 Indien die advertensie, hetsy op vrystaande borde of buigsame boubedrywighede, enige ander vorm van derdepartyreklame insluit, moet sodanige advertensie aan die bepalings van Byale 8 hiervan voldoen en munisipale goedkeuring vir die vertoning daarvan moet eers ingevolge hierdie Verordening verkry word.

#### **56. Te Huur-/Te Koop-tekens**

Dit sluit enige teken in wat nie 400 mm x 500 mm in totale oppervlakte vertoon by die bestaande perseel of op eiendomme waarop 'n nuwe gebou opgerig word, oorskry nie en wat met huisvesting wat te huur of te koop in die gebou aangebied word, verband hou, op voorwaarde dat enige sodanige advertensie binne 60 dae na die datum waarop die huisvesting waarop dit betrekking het vir bewoning gereed is, verwyder word;



## 57. Besigheidsadvertensies op die perseel

Hierdie advertensies sluit enige verligte teken in wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en nie 0,2 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie en slegs die tipe handel, besigheid, nywerheid of beroep wat wettig onderneem word deur enige bewoner of permanente inwoner van die perseel waarop dit aangebly word, die naam van sodanige bewoner, die tipe aktiwiteit, die adres en telefoonnommer van sodanige perseel en die diensure (indien enige) bekend maak; met dien verstande dat slegs een sodanige teken per bewoner vertoon mag word.

## 58. Vensteradvertensies

Hierdie advertensies sluit enige liggingsgebonde tekens in wat tydelik of permanent op die vensterglas van 'n gebou wat vir kommersiële, kantoor-, nywerheids- of vermaaklikheidsdoeleindes gebruik word, gevef of bevestig is, of enige ander tydelike of permanente advertensie wat binne 2 m van enige venster of eksterne opening vertoon word waardeur dit van die buitekant van sodanige gebou sigbaar is, op voorwaarde dat geen vensteradvertensie 4,5 m<sup>2</sup> in 'n gebied van maksimum beheer mag oorskry nie.

## 59. Advertensies wat deel vorm van die voorkant van 'n gebou

Enige advertensie wat 'n integrale deel van die materiaal van 'n gebou vorm (met uitsluiting van 'n gevefde advertensie of 'n advertensie wat op enige manier aan die gebou bevestig is), op voorwaarde dat geen sodanige advertensie 0,2 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte mag oorskry nie.

## 60. Advertensies op sportvelde

Behalwe wanneer dit vanaf uitsigpaaie sigbaar is, sal enige advertensie wat om die perimeter van 'n sportveld opgerig word, tot 'n maksimum grootte van 2 x 1 m elk; verder met dien verstande dat groter advertensies waarvan die voorkant op die veld uitkyk en nie van enige ander openbare plek sigbaar is nie, ook toegelaat word.

## 61. Sekuriteitstekens

Enige sekuriteitsteken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en nie 0,2 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie en wat aandui dat 'n sekuriteitswagskema in werking is of dat 'n sekuriteitsmaatskappy gekontrakteer is om die perseel waarop die teken vertoon word, te beskerm, op voorwaarde dat:

61.1 slegs een sodanige advertensie op enige openbare pad of elke straatvoorkant van sodanige perseel vertoon word; en

61.2 die genoemde advertensies slegs die naam, logo, adres en telefoonnommer van 'n sekuriteitsmaatskappy vertoon wat gekontrakteer is om die perseel waarop die advertensie vertoon word, te beskerm.

62. Geborgde, kommersiële geborgde advertensies en advertensies van nie-winsgewende liggame: minder as 4,5 m<sup>2</sup>.

62.1 Enige sodanige advertensie, hetsy dit deur of in verband met 'n nie-winsgewende liggaam opgerig word al dan nie; wat nie 4,5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie op voorwaarde dat nie meer as 5% van die totale oppervlakte van die advertensie vir derdepartyreklame gebruik word nie; en die advertensie nie verlig is nie en verder op voorwaarde dat slegs een sodanige advertensie per erf toegelaat word.

62.2 Advertensies wat aan die bepalinge van Artikel 62.1 voldoen, moet wanneer dit op munisipale grond opgerig word, eers opgerig word wanneer 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangegaan is waarin daar ooreengekom is oor die omvang van die gemeenskaps- of openbare voordeel daarvan soos gesamentlik besluit tussen die munisipale departement wat vir die perseel en/of grond verantwoordelik is, en daar oor die voorwaardes rakende die oprigting van die advertensie ooreengekom is, en 'n afskrif van die ooreenkoms by die omgewingsbestuurtak of sy regsopvolger van die Munisipaliteit ingedien is.

62.3 Alle geborgde advertensies word in Bylae 16 en 17 behandel.

## 63. Advertensies op vlage

Reklamevlage mag slegs op vlagpale vertoon word, met dien verstande dat nie meer as 3 vlagpale van 3 m elk in totale hoogte op enige enkele eiendom waarop dit vertoon word, toegelaat sal word.

## 64. Advertensies op voertuie

Advertensies moet regstreeks op die bak van 'n gemotoriseerde voertuig gevef of bevestig word.

**I. ONTSIERING**

65. Niemand mag die voorkant of front van enige straat, padverkeersteken, muur, heining, grond, rots, boom of ander natuurlike verskynsel, of die voorkant of front of dak van enige gebou of struktuur op enige wyse hoegenaamd gedurende konstruksie of deur die vertoning of gebruik van 'n advertensie of die skryf of verf van enige teken, simbool, letters of syfers, vernietig, skade aandoen, beskadig, skend of ontsier nie. Daarbenewens mag niemand enige advertensie wat ingevolge hierdie Verordening wettiglik vertoon word, ontsier nie.

**J. SKADE AAN MUNISIPALE EIENDOM**

66. Niemand mag met die oprigting of verwydering van enige advertensie of banier, skade aan enige boom, elektriese paal of diens of ander munisipale installasie of eiendom en straattoerusting veroorsaak nie.

**K. TOEGANG EN INSPEKSIES**

67. Die Munisipaliteit het die reg, deur sy behoorlik gemagtigde beamptes, en nadat vooraf skriftelike kennis aan die eienaar of bewoner van 'n eiendom gegee is, om enige perseel op 'n redelike tyd te betree met die doel om enige inspeksie uit te voer wat vir die behoorlike bestuur en toepassing van die bepalinge van hierdie Verordening nodig mag wees.

**L. MISDRYWE**

68. Enigiemand wat:

- 68.1 enige bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- 68.2 enige vereiste wat in 'n kennisgewing uiteengesit is wat aan hom ingevolge hierdie Verordening beteken is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- 68.3 enige voorwaarde wat ingevolge hierdie Verordening opgelê is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- 68.4 wetens 'n vals verklaring ten opsigte van enige aansoek ingevolge hierdie Verordening maak, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding aanspreeklik vir 'n boete of gevangenisstraf soos hieronder uiteengesit; en:
69. In die geval van 'n voortdurende misdryf, aan 'n boete soos hieronder uiteengesit, vir elke dag gedurende die voortdurende van sodanige misdryf nadat 'n skriftelike kennisgewing deur die Munisipaliteit uitgereik is wat staking van sodanige misdryf vereis; en
70. Vir 'n tweede of daaropvolgende misdryf, by skuldigbevinding aanspreeklik vir 'n boete of gevangenisstraf soos hieronder uiteengesit.
71. Die boetes en strawwe wat ingevolge hierdie Verordening op misdrywe van toepassing is, is soos volg:
- 71.1 by 'n eerste skuldigbevinding, is die skuldige party aanspreeklik vir 'n boete wat nie R10 000,00 oorskry nie soos van tyd tot tyd aangepas ingevolge die Wet op die Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet 101 van 1991), of by versuim om te betaal, vir gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie twee maande oorskry nie;
- 71.2 in die geval van 'n voortdurende misdryf, is die skuldige party aanspreeklik vir 'n verdere boete wat nie R500,00 oorskry nie, soos van tyd tot tyd aangepas ingevolge die Wet op die Aanpassings van Boetes, 1991 (Wet 101 van 1991), vir elke dag gedurende die voortdurende van sodanige misdryf;
- 71.3 by 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding, is die skuldige party aanspreeklik vir 'n boete wat nie R50 000,00 oorskry nie, soos van tyd tot tyd aangepas ingevolge die Wet op die Aanpassings van Boetes, 1991 (Wet 101 van 1991), of by versuim om te betaal, vir gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie 6 maande oorskry nie.
72. Nieteenstaande die bepalings van Artikel 68 tot 72 hierbo, is die toepaslike boetes ten opsigte van die ongemagtigde vertoon van plakkaat en/of eiendomsagentborde, soos uiteengesit in Bylae 9 en 10 hiervan.
73. Onwettige advertensies wat deur die Munisipaliteit verwyder word, kan van die Munisipaliteit teruggeëis word by volle betaling aan die Munisipaliteit van enige koste wat deur die Munisipaliteit met die verwydering van die genoemde advertensie aangegaan is, asook betaling binne twee maande van enige gelde wat vir die bewaring van sodanige advertensie opgeloop het. Enige onwettige advertensies wat deur die Munisipaliteit verwyder word en nie binne twee maande van die datum van verwydering teruggeëis word nie, sal deur die Munisipaliteit na goeddunke van die hand gesit word om die verwyderings- en/of bewaringskoste te bestry.

#### M. VERMOEDES

74. Enigiemand wat ingevolge hierdie Verordening van 'n misdryf beskuldig word en:
- 74.1 alleen of gesamentlik met enige ander persoon vir die organisering van enige vergadering, funksie of byeenkoms waarmee 'n advertensie of plakkaat verband hou, verantwoordelik is of in beheer daarvan is, word totdat die teendeel bewys word, geag wetens elke onwettige advertensie of plakkaat wat in verband met sodanige vergadering, funksie of byeenkoms vertoon word, te vertoon of veroorsaak of toelaat dat dit so vertoon word;
- 74.2 die persoon wie se naam op 'n onwettige advertensie verskyn of wie se produk of dienste op sodanige advertensie geadverteer word, word totdat die teendeel bewys word, geag sodanige advertensie te vertoon, of veroorsaak of toelaat dat dit vertoon word tensy die teendeel bewys word.
- 74.3 die eienaar van enige grond of gebou waarop enige onwettige advertensie vertoon is of vertoon word, word totdat die teendeel bewys word, geag wetens sodanige advertensie te vertoon, of veroorsaak of toelaat dat dit vertoon word.

#### N. TOEPASSING EN VERWYDERING VAN ADVERTENSIES

75. Indien enige advertensie wat vertoon word strydig is met hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit 'n kennisgewing aan die eienaar of huurder van die advertensie, of die grondeienaar op wie se grond die advertensie opgerig is of vertoon word, of die persoon wie se produk of dienste geadverteer word, beteken en 'n beroep op sodanige persoon doen om binne 'n gespesifiseerde tydperk sodanige advertensie te verwyder of sodanige verandering daaraan aan te bring, of sodanige werk te doen wat in sodanige versoek of kennisgewing gespesifiseer word. Ondanks die betekening van sodanige kennisgewing, kan dit deur die Munisipaliteit teruggetrek of verander word met toestemming van die persoon aan wie dit beteken is, of by versuim van sodanige toestemming, met die betekening van 'n verdere kennisgewing.
76. Indien die eise van die Munisipaliteit soos in die kennisgewing uiteengesit, nie binne die daarin gespesifiseerde tydperk uitgevoer word nie, kan die Munisipaliteit sonder verdere kennis aan die persoon aan wie die kennisgewing beteken is en na verkryging van bystand op 'n *ex parte*-grondslag van die toepaslike hof, die advertensie verwyder of verander of sodanige werk doen wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer mag word, met dien verstande dat geen hofbevel vereis word nie indien die onwettige advertensie voor die verwydering of verandering daarvan op eiendom wat aan die Munisipaliteit behoort, opgerig of vertoon word nie.
77. Waar die Munisipaliteit 'n advertensie verwyder of verander, moet die Munisipaliteit enige persoon vir enige onredelike verlies of skade wat deur sodanige verwydering of verandering veroorsaak word, vergoed.
78. Enige koste wat deur die Munisipaliteit met die verwydering van advertensies, of deur veranderinge of ander werk te doen wat ingevolge 'n kennisgewing vereis word, aangegaan word, kan van die persoon aan wie die kennisgewing beteken is, verhaal word.
79. Ondanks enige bepalings van hierdie Verordening, indien 'n advertensie 'n gevaar vir lewe of eiendom is, of redelik beskou word om dit te wees, kan die Munisipaliteit self, sonder vooraf kennisgewing en sonder 'n hofbevel, deur 'n behoorlik gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit wat ooreenkomstig hierdie Verordening optree, die verwydering van sodanige advertensie onderneem of reëlings daarvoor tref. Enige koste wat deur die Munisipaliteit vir die verwydering of reëlings vir die verwydering van sodanige advertensie aangegaan word, kan van die eienaar of huurder

van die advertensie, of die grondeienaar op wie se grond die advertensie opgerig is, of die persoon wie se dienste geadverteer is, gesamentlik of afsonderlik verhaal word.

#### **O. BETEKENING VAN KENNISGEWINGS**

80. Waar enige kennisgewing of ander dokument ingevolge hierdie Verordening aan enige persoon beteken moet word, word dit geag behoorlik beteken te wees indien dit persoonlik aan hom/haar beteken is, of enige lid van sy/haar huishouding, klaarblyklik bo die ouderom van 16 jaar, by sy verblyfplek, of aan enige persoon wat deur hom by sy besigheidsplek in diens geneem is, of indien dit met aangetekende pos aan sodanige persoon se woon- of besigheidsadres soos dit in die rekords van die Munisipaliteit verskyn, gepos is, of indien sodanige persoon 'n maatskappy, beslote korporasie of 'n trust is, indien dit aan enige persoon beteken is wat klaarblyklik deur daardie maatskappy, beslote korporasie of trust in diens geneem is, by die geregistreerde kantoor daarvan, of deur aangetekende pos aan sodanige kantoor gestuur is.

#### **P. JURISDIKSIE VAN DIE LANDDROSHOF**

81. Ondanks enige andersluidende bepaling wat in enige wet met betrekking tot die landdroshof vervat is, het 'n landdros jurisdiksie om by aansoek deur enige Plaaslike Owerheid, 'n bevel vir die toepassing van enige van die bepalings van hierdie Verordening te maak, of van enige goedkeuring, weiering of voorwaarde wat ingevolge daarvan verleen of van toepassing is.

#### **Q. HERROEPING VAN VERORDENINGE**

82. Hierdie Verordening herroep die volgende wetgewing:

Die Munisipaliteit van Kaapstad se Verordening insake reklame, die aanplak van plakkate, advertensies ens. en die ontsiering van die voorkant of fronte van strate ens. No. 1959 van 1966 en alle wysigings daartoe;

Die Munisipaliteit van Kaapstad se Verordening insake Buitereklame, naamlik Verordening No. PK 151 van 2000.

PK 295 van 1958, Standaardregulasies rakende advertensies en ontsiering van die voorkant en fronte van strate.

PK 593 van 1958, Standaardregulasies rakende advertensies en ontsiering van die voorkant en fronte van strate.

Verordening PK 4258 van 17 Maart 1983 van die Parow Munisipaliteit: Advertensies en die ontsiering aan die voorkant of fronte van strate.

83. Enigiets wat uit hoofde of ingevolge van enige bepaling wat deur hierdie Verordening herroep word, gedoen word, sal geag word as gedoen te word uit hoofde van die ooreenstemmende bepalings van hierdie Verordening en sodanige herroeping sal nie die geldigheid van enigiets wat uit hoofde van die Verordening wat as sodanig herroep is, raak nie.
84. Enigiets wat voor die afkondiging van hierdie Verordening gedoen word, wat nie ingevolge 'n bepaling gedoen is wat in hierdie Verordening herroep is nie en onwettig was, sal in die geval waar sodanige daad of advertensie nie aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen nie, onwettig wees.

#### **R. VOORBEHOUDE**

85. Enige aansoek om die vertoning van enige advertensie of oprigting van enige reklamestruktuur vir reklamedoeleindes, wat by die Munisipaliteit voor die afkondiging van hierdie Verordening ingedien word en ten opsigte waarvan 'n besluit nog nie deur die Munisipaliteit voor die afkondiging van hierdie Verordening geneem is nie, sal deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening wat daarop van toepassing is, oorweeg word.
-

## BYLAE 1

## GEBIEDE VAN BEHEER

MAKSIMUM		GEDEELTELIK		MINIMUM
NATUURLIKE GEBIED	LANDELIKE GEBIED (buite stadsrand)	STEDELIKE GEBIED	STEDELIKE GEBIED (binne stadsrand)	STEDELIKE GEBIED (binne stadsrand)
Geproklameerde natuurreservate	Landbougebiede/-sones	Stedelike bewaringsgebiede	Sentrale sakedistrikte	Nywerheidsone
Beskermdede natuurlike omgewings	Tuinboukundige gebiede	Erfenisterreine	Gemengde gebruik handels- en residensiële gebiede	Aangewese vervoerterminusse
Wildreservate	Landelike kleinhoewe	Gegradeerde geboue en plekke	Handelsstrookontwikkeling en aktiwiteitskorridors	Aangewese gebiede binne onbestemde sones
Geproklameerde voëlparke	Groot private oop ruimtes (bv. gholfbane)	Residensiële sones en aangrensende pad- en spoorwegreservate	Handels- en sakedistrikte en aangrensende strate en spoorwegreservate	Spesifieke gebiede of terreine aangewys as minimum beheer by wyse van 'n kaart wat deur die Munisipaliteit voorberei is
Geproklameerde mariene reservate	Uitsigpaaie	Voertgangerdeurlope en voertgangerpleine	Vermaaklikheidsdistrikte of komplekse met handelssones	
Kus-tot-kus-groenstrook soos aangetoon op plan TP.10320 (Kaapstadse Soneringskema)	Natuurskoon	Skoolterreine en institusionele sones		
Strande en seestrande	Landskapskenmerke			
Oseane	Munisipale parke	Landskapskenmerke	Sportvelde en stadions	
Bosbougebiede	Stedelike randsone of soos omskryf in die Stedelike Randbeleid	Uitsigpaaie	Onbestemde sones (insluitende spoorwegreservate, vervoergebruiksone en V&A Waterfront) en insluitende en waarna daar in regsopvolging in die Wet op die Regsopvolging van Suid-Afrikaanse Vervoerdienste verwys word	
Rivierkorridors	Landboukundige en tuinboukundige gebiede en aangrensende pad- en spoorwegreservate	Poorte		
1:100 Jaar-vloedvlaktes	Spesifieke gebiede of terreine wat as maksimum landelik aangewys is by wyse van 'n kaart wat deur die Munisipaliteit voorberei is	Verklaarde Metropolitaanse Oop Ruimte ingevolge MOSS		
Moeraslande		Openbare oopruimtes		
Kaapse Skiereiland Nasionale Park (soos geproklameer — 1998 + 1999)		Private oopruimtes		
Uitsigpaaie		Stedelike kleinhoewe		
Vergroening van stadsnetwerk		Intensiewe stedelike landbougebiede		
Spesifieke gebiede of terreine aangewys as maksimum natuurlik by wyse van 'n kaart wat deur die Munisipaliteit vir Uitsigpaaie voorberei is		Selfversorgende stedelike landbougebiede		
		1:100 Jaar-vloedvlaktes		
		Rivierkorridors		
		Moeraslande		
		Gemeenskapsfasiliteite (met uitsluiting van sportfasiliteite en stadions)		
		Kernflorabewaringsterreine soos deur die Nasionale Botaniese Instituut geïdentifiseer		
		Spesiale sakesones		
		Woonkomponente van gemengde gebruikgeboue		
		Aangewese metropolitaanse paaie		
		Spesifieke gebiede of terreine wat as maksimum stedelik aangewys is by wyse van 'n kaart wat deur die Munisipaliteit voorberei is		

**BYLAE "2"****AANPLAKBORDE**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van aanplakborde, hetsy doelgemaak of van 'n standaardontwerp, slegs in gebiede van minimum beheer toegelaat. Daarbenewens moet aanplakborde:

1. Indien die voorgestelde erf waar die aanplakborg opgerig gaan word aan 'n aangewese metropolitaanse pad grens, en voorts indien die geboue op daardie erf meer as 50 m van die padreservaatlyn is, mag die aanplakbord nie minder nie as 50 m van die padreservaatlyn geplaas word nie en dieselfde afstand moet bereken word teen 90° tot die naaste punt van die padreservaat. Daar kan van hierdie afstand afgesien word tot 'n afstand nie minder nie as die lynrigting van die openbare fasades van geboue op die erf of aangrensende erwe, indien sodanige aangrensende geboue of indien die geboue op die erf minder as 50m van die padreservaat is wanneer 'n Omgewingsimpakbeoordeling en Verkeersimpakbeoordeling ontvang word wat geen nadelige impak aandui nie. Indien die voorgestelde terrein waarop 'n aanplakbord opgerig gaan word as 'n poort aangewys is, word geen aanplakborde binne sodanige poort toegelaat nie;
2. Aan die standaardvoorwaardes vir goedkeuring wat in hierdie Verordening uiteengesit word, voldoen;
3. Nie die grenslyn van die eiendom waarop dit opgerig is, oorskry, hetsy sodanige oorskryding in die lug of op grondvlak is nie;
4. 'n Minimum vryhoogte van 2,4 m en 'n advertensiestruktuur hê wat nie 'n maksimum hoogte van 7,5 m bokant die natuurlike grondvlak oorskry nie;
5. Nie 'n maksimum totale grootte van 36 m<sup>2</sup> oorskry nie, met dien verstande dat twee sodanige panele op enige V-vormige enkelstruktuur toegelaat word;
6. Tussen die hoeke van 90° en 60° tot die rigting van aankomende verkeer vertoon word;
7. 'n Minimum afstand van mekaar gespaseer word soos vereis deur die artikels van die Verordening wat met Padverkeersveiligheidsvereistes te doen het;
8. Slegs ekstern verlig wees;
9. Indien dit by gesinjaleerde verkeerskruisings geplaas word, nie binne 50 m van die perimeter van die kruising opgerig of vertoon word indien dit nie verlig is nie; en binne 80 m van die perimeter van die kruising indien dit verlig is;
10. Enige aanplakbord wat aan die regterkant van 'n gedeelte van 'n pad opgerig word sodat sy grafieke vir 'n bestuurder wat aan die linkerkant van die pad ry, sigbaar is, sal geag word die reklamegeleentheid wat aan die linkerkant van die pad bestaan het, te vervang.
11. 'n Minimum letter- of nommerhoogte van 285 mm hê.
12. Die inligtingsinhoud van 'n voorgestelde advertensie sal in "bis" gemeet word. Wanneer die inligtingsinhoud van 'n voorgestelde advertensie bereken word, sal die bisgewigte wat in die onderstaande tabel getoon word, gebruik word:

<b>Elemente van die advertensie</b>		<b>Bis per element</b>
Woorde	tot 4 letters	0,5
	5 tot 8 letters	1,0
	meer as 8 letters	2,0
Getalle	tot 4 syfers	0,5
	5 tot 8 syfers	1,0
	meer as 8 syfers	2,0
Logos, simbole en grafieke	kleiner as 9 vk meter	0,5
	tussen 9 en 18 vk meter	1,0
	tussen 18 en 27 vk meter	1,5
	groter as 27 vk meter	2,0

13. Die totale bis in 'n voorgestelde advertensie mag nie 15 oorskry nie.

**BYLAE "3"****LIGGINGSGEBONDE VRYSTAANDE EN SAMEGESTELDE ADVERTENSIES**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van liggingsgebonde vrystaande advertensies slegs in stedelike gebiede van maksimum, gedeeltelike en minimum beheer toegelaat. Daarbenewens:

1. Word liggingsgebonde vrystaande advertensies slegs in die volgende gevalle toegelaat:
    - 1.1 waar sakepersele 15 m of meer van die grens van 'n padreservaat inspring; of
    - 1.2 waar dit nie redelikerwyse moontlik is om gepaste advertensies aan 'n gebou aan te bring nie; of
    - 1.3 waar sodanige advertensie nodig is sodat die publiek die ingang tot sakepersele kan vind; of
    - 1.4 waar die bestaan van 'n vrystaande samegestelde advertensie die proliferasie van advertensies sal verhinder.
  2. Mag liggingsgebonde, vrystaande samegestelde advertensies nie 7,5 m in hoogte oorskry nie en mag daarbenewens nie 4,5 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie. Daar kan van hierdie bepaling tot 'n maksimum hoogte van 10 m en 'n maksimum totale oppervlakte van 15 m<sup>2</sup> per kant afgesien word, met inagneming van die volgende faktore:
    - 2.1 Indien sodanige verhoging die aantal afsonderlike advertensies wat op enige afsonderlike straatgrens van die terrein uitkyk, verminder om sodoende die visuele impak op die omliggende omgewing te minimaliseer;
    - 2.2 Indien meer as 2 belangrike paaie die betrokke terrein nader;
    - 2.3 Die aantal besighede wat op sodanige advertensie gaan adverteer;
    - 2.4 Die aantal toegangs-/uitgangsroetes tot die betrokke terrein;
    - 2.5 Die toepaslike sonering van die gebied rondom die betrokke terrein. 'n Omliggende residensiële sone sal nie dieselfde grootte teken as 'n omliggende handels-/nywerheidssone akkommodeer nie.
  3. Moet diensstasie- vrystaande advertensies liggingsgebonde wees en mag slegs opgerig of vertoon word by diensstasies aangrensend aan en wat regstreeks van die openbare pad waar sodanige advertensie opgerig word, toeganklik is, en slegs een diensstasie- vrystaande fasiliteitsadvertensie per straatgrens sal toegelaat word. Daar kan slegs van hierdie bepaling afgesien word waar hierdie advertensies vanaf nasionale klas 1-roetes (N1, N2 en N7) sigbaar is;
  4. Mag diensstasie- vrystaande advertensies nie 7,5 m in hoogte oorskry nie en mag nie uit meer as 8 advertensiepanele van 4,5 m<sup>2</sup> elk in totale oppervlakte bestaan nie. Daar kan van die bepaling van hierdie artikel afgesien word tot 'n maksimum hoogte van 16 m en 8 advertensiepanele wat nie 6 m<sup>2</sup> elk in totale oppervlakte oorskry nie met inagneming van die faktore genoem in artikel 2 hierbo.
-

**BYLAE "4"****ADVERTENSIES WAT AAN MURE VAN GEBOUE BEVESTIG WORD: PLAT EN UITSTEEKADVERTENSIES**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van plat en uitsteekadvertensies in alle gebiede van maksimum, gedeeltelike of minimum beheer toegelaat. Plat en uitsteekadvertensies:

1. Word nie binne 0,6 m van die rand van 'n pad toegelaat nie en mag ook nie tot binne 0,6 m van die rand van 'n pad uitsteek nie;
  2. Mag nie meer as 1,5 m voor 'n muur uitsteek nie in die geval van 'n advertensie met 'n vryhoogte van meer as 7,5 m; of meer as 1 m in die geval van enige vryhoogte wat minder is nie;
  3. Mag nie meer as 250 mm oor 'n voetpad uitsteek nie tensy sodanige advertensie 'n vryhoogte van meer as 2,4 m het nie;
  4. Mag nie die uitsig uit enige venster of enige ander eksterne opening van enige gebou belemmer nie en geen gedeelte van enige sodanige advertensie mag oor of op enige venster, deur of enige openinge aangebring word nie;
  5. Mag nie 54 m<sup>2</sup> in totale oppervlakte oorskry nie en nie een kwart van die algehele oppervlakte waarop hulle aangebring of geverf is, oorskry nie, watter een ook al die minste is. Daar kan van hierdie groottebeperking afgesien word op voorwaarde dat:
    - 5.1 'n Omgewingsimpakbeoordeling aan die Munisipaliteit voorgelê word wat aandui dat geen nadelige omgewingsimpak verwag word nie; en
    - 5.2 Indien dit die voorneme is om 'n plat of uitsteekadvertensie in 'n bewaringsgebied op te rig, 'n Erfenisimpakbeoordeling ingedien word wat aandui dat geen nadelige impak ten opsigte van erfenishulpbronne verwag word nie;
    - 5.3 Die grafieke wat vir die genoemde advertensie voorgestel word, vir die vertoontydperk van die advertensie onveranderd bly;
    - 5.4 Sodanige advertensie slegs grafieke sal vertoon wat deur 'n paslik gekwalifiseerde skeppende konsultant ontwerp en geskep is.
  6. Sal vir goedkeuring op oop gemeenskaplike grensfasades van nie-wooneiendomme oorweeg word;
  7. Indien die advertensie op openbare fasades van enige gebou verskyn, moet dit:
    - 7.1 So ontwerp wees dat dit 'n integrale deel van die ontwerp van die gebou word;
    - 7.2 Indien dit 'n derdeparty-advertensie is, word dit slegs toegelaat indien dit doeltreffend is en onderhewig aan die vereistes van 5.1 tot 5.4 hierbo.
-

**BYLAE "5"****KIMTEKENS**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van kimtekens, hetsy doeltreffend of van 'n standaardontwerp, slegs in gebiede van minimum beheer toegelaat en daarbenewens:

## 1. Moet kimtekens:

1.1 tot 'n maksimum totale grootte van 4,5 m<sup>2</sup> beperk word, met dien verstande dat daar van hierdie groottevereiste tot 'n maksimum van 18 m<sup>2</sup> afgesien kan word by ontvangs van 'n Omgewingsimpakbeoordeling wat aandui dat geen nadelige omgewingsimpak verwag word nie;

1.2 nie die uitsig van enige ander gebou belemmer nie.

## 2. Word kimtekens langs die boonste rand van die dak van geboue van kulturele, historiese of argitektoniese belang slegs toegelaat indien dit liggingsgebonde, onverligte advertensies is en uit afsonderlik uitgesnyde letters of logos bestaan.

## 3. Moet kimtekens 'n minimum inhoud van 'n voorgestelde advertensie hê en wat in "bis" gemeet sal word wanneer die inligtingsinhoud bereken word.

<b>Elemente van die advertensie</b>	<b>Bis per element</b>	
Woorde	tot 4 letters	0,5
	5 tot 8 letters	1,0
	meer as 8 letters	2,0
Getalle	tot 4 syfers	0,5
	5 tot 8 syfers	1,0
	meer as 8 syfers	2,0
Logos, simbole grafieke	kleiner as 9 vk meter	0,5
	tussen 9 en 18 vk meter	1,0
	tussen 18 en 27 vk meter	1,5
	groter as 27 vk meter	2,0

Die inligtingsinhoud van 'n voorgestelde advertensie word in "bis" gemeet. Wanneer die inligtingsinhoud van 'n voorgestelde advertensie bereken word, moet die bostaande tabel getoon word, gebruik word.

## 4. Die totale bis in 'n voorgestelde advertensie mag nie 15 oorskry nie.



**BYLAE "6"****DAKADVERTENSIES**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van dakadvertensies in alle stedelike gebiede van beheer toegelaat behalwe gebiede wat vir residensiële doeleindes in gebiede van maksimum beheer gesoneer is. Daarbenewens:

1. Moet die totale oppervlakte van enige dakadvertensie wat gelykvakkig op 'n dak van 'n gebou aangebring of daarop gevef is, nie een kwart van die algehele oppervlakte van die dak waarop die aangebring of gevef is, oorskry nie;
  2. Wanneer dit aan die onderrand van 'n dak of vertikaal halfpad op die dak van 'n gebou bevestig word, mag sodanige advertensie nie 1 m in hoogte oorskry nie en sy totale oppervlakte mag nie 25% van die oppervlakte waaraan dit bevestig is, oorskry nie;
  3. Sal 'n dakadvertensie langs die rand van 'n dak van 'n gebou bevestig kan word, indien sodanige advertensie uit 'n enkellyn van afsonderlik, uitgesnyde letters bestaan, sonder sigbare verspanning of ondersteuning maar dit mag nie langs meer as twee rande van sodanige dak opgerig word nie en mag nie  $3,6 \text{ m}^2$  in totale oppervlakte ( $6 \times 0,6 \text{ m}$ ) oorskry nie; met 'n maksimum hoogte van 1 m.
-

**BYLAE "7"****ADVERTENSIES OP 'N VERANDA, BALKON, SONDAK OF OP STEUNKOLOMME, PILARE EN PALE**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van advertensies op 'n veranda, balkon, sondak of op steunkolomme, pilare en pale in alle gebiede van beheer toegelaat op voorwaarde dat hulle ook aan die volgende voorwaardes voldoen:

1. Geen sodanige advertensie word op of oor argitektoniese kenmerke van geboue toegelaat nie;
2. Sodanige advertensies kan plat op 'n borsweringsmuur, balustrade of reling van 'n veranda of balkon, balk of fassie van 'n veranda of balkon aangebring of gevef word. In die voornoemde omstandighede mag die advertensie nie 1 m in hoogte oorskry nie of bokant of onder ieder end van die oppervlakte waarop dit aangebring is, uitsteek nie, of meer as 250 mm voor die oppervlakte waarop dit aangebring is of oor 'n pad of binne 0,6 m van die rand van 'n pad uitsteek nie;
3. Sodanige advertensies kan plat op steunkolomme, pilare en pale aangebring of gevef word. In hierdie verband mag geen advertensie meer as 50 mm voor die oppervlakte waarop dit aangebring is, uitsteek nie en mag ook nie verby enige van die endpunte van sodanige kolom, pilaar of paal uitsteek nie. Advertensies wat plat op nie-reghoekige steunstrukture aangebring word, moet gerond wees om by die vorm van sodanige struktuur te pas. Slegs een advertensie per kolom, pilaar of paal sal toegelaat word;
4. Sodanige advertensies wat onder die dak van 'n veranda, sondak of die vloer van 'n balkon opgehang word, mag nie 1,8 m in lengte of 600 mm in hoogte oorskry nie. Elke sodanige advertensie moet reghoekig tot die boulyn wees. Geen advertensies wat onder 'n sondak opgehang word mag verby die eksterne rand van die sondak of veranda waaraan dit bevestig is, uitsteek nie;
5. Sodanige advertensies op die dak van 'n veranda, sondak of balkon, die hoofdak van 'n gebou uitgesluit, moet uit 'n enkellyn van vrystaande, afsonderlik uitgesnyde silhoeëtletters sonder sigbare verspanning of enige ander sigbare ondersteuningsmiddels bestaan en mag nie langs meer as twee rante van sodanige dak van 'n veranda of balkon opgerig word nie.

**BYLAE "8"****ADVERTENSIES OP GRENSMURE EN HEININGS EN OP BOUTERREINSKUTTINGS**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van advertensies op grensmure en heinings slegs vir liggingsgebonde advertensies in stedelike gebiede van maksimum, minimum of gedeeltelike beheer toegelaat en daarbenewens:

1. In stedelike gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer, kan die Munisipaliteit 'n aansoek om 'n liggingsgebonde advertensie teen 'n grensmuur aan te bring, slegs goedkeur indien die advertensie in die muur ingekeep word of uit afsonderlike, onverligte, uitgesnyde letters of simbole bestaan wat plat op sodanige muur aangebring word en nie meer as 50 mm van die voorwerk van sodanige muur uitsteek nie;
  2. In gebiede van minimum beheer, kan die Munisipaliteit die volgende goedkeur:
    - 2.1 'n Aansoek om 'n liggingsgebonde advertensie plat op 'n grensmuur aan te bring slegs indien dit nie meer as 50 mm van die voorwerk van sodanige muur uitsteek nie;
    - 2.2 'n Aansoek om 'n liggingsgebonde plat advertensie met 'n maksimum grootte van 0,5 m<sup>2</sup> op die permanente heining van 'n erf aan te bring.
  3. Moet derdeparty- en liggingsgebonde reklame op bouterreinskuttings en -heinings aan die volgende voorwaardes voldoen:
    - (i) Enige afsonderlike advertensie mag nie 'n vertikale afmeting van 3 m en 'n totale oppervlakte van 18 m<sup>2</sup> oorskry nie;
    - (ii) Enige sodanige advertensie mag nie meer as 100 mm voor die skutting of heining waarop dit aangebring word, uitsteek nie;
    - (iii) Dit mag nie in gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer verlig word nie;
    - (iv) Geen reklame mag op bouterreinskuttings en—heinings wat binne die blikveld van motoriste by gesinjaleerde kruisings is, opgerig word nie.
-

**BYLAE "9"****PLAKKATE MET HOOFOPSKRIFTE**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van plakkate met hoofopskrifte in alle gebiede behalwe natuurlike en landelike gebiede van maksimum beheer toegelaat. Daarbenewens:

1. Mag plakkate met hoofopskrifte nie 0,9 m x 0,6 m in oppervlakte oorskry nie;
2. Mag die kommersiële inhoud van die plakkaat nie 20% van die oppervlakte van die plakkaat oorskry nie en die kommersiële letters mag nie groter as die hoofletterwerk in die res van die plakkaat wees nie;
3. Kan die plakkate aan munisipale elektriese liggale bevestig word slegs waar dit beskikbaar is en slegs aangeplakte plakkate mag aan aangewese strukture wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is vir die uitdruklike doel om plakkate daarop aan te plak, bevestig word. Hulle mag egter nie aan verkeerseinpale, of ander pale wat padverkeerstekens dra, pale wat vir enige ander doel opgerig word of enige ander straatuitrusting, muur, heinings, bome, rotse of ander natuurlike verskynsels bevestig word nie;
4. Mag plakkate met hoofopskrifte nie op munisipale elektriese liggale geplak word nie maar moet op 'n bord gemonteer word en met sterk tou of plastiese bindbande stewig vasgemaak word tensy 'n permanente raam vir hierdie doel goedgekeur is;
5. Word slegs 1 plakkaat met hoofopskrifte per paal toegelaat, ongeag watter koerantgroep dit is;
6. Moet daar streng aan die aantal plakkate asook die aangewese gebiede vir die vertoning van plakkate met hoofopskrifte soos deur elke koerantgroep ingedien, voldoen word;
7. Moet alle "spesiale gebeurtenis"-plakkate aan die volgende voldoen:
  - 7.1 die naam van die koerantgroep, die "spesiale gebeurtenis" en die datum van die "spesiale gebeurtenis" moet op die plakkate in letters wat nie minder as 50 mm in hoogte is nie, verskyn;
  - 7.2 die plakkate vir spesiale gebeurtenisse mag nie meer as 7 dae voor die datum van die gebeurtenis vertoon word nie en moet binne 24 uur van die datum van die gebeurtenis wat op die plakkaat verskyn, verwyder word.
8. Moet plakkate met hoofopskrifte en hulle hegstukke op 'n daaglikse grondslag verwyder word, by versuim waarvan die plakkate op die koerantgroep se onkoste in ooreenstemming met die standaardgelde vir die verwydering van plakkate verwyder sal word;
9. Kan die Munisipaliteit die koste vir die verwydering van ongemagtigde plakkate en die herstel van die oppervlakte waarvan sodanige plakkate verwyder is, van die persoon/persone wat vir die vertoning van sodanige plakkate verantwoordelik is, of die betrokke koerantgroep verhaal. Hierdie koste sal jaarliks ingevolge die jaarlikse Tariefbylae hersien word;
10. Sal die Munisipaliteit of sy agent enige plakkaat wat strydig met die bogenoemde voorwaardes vertoon word, verwyder;
11. Sal enige plakkaat wat nie op 'n daaglikse grondslag verwyder word nie of 'n plakkaat wat met 'n "spesiale gebeurtenis" met die vervaldatum bedoel in paragraaf 7.2 verband hou, deur die Munisipaliteit of sy agent verwyder word;
12. Is die vertoning van ongemagtigde plakkate onwettig en die Munisipaliteit of sy agent sal sodanige plakkate verwyder;
13. Sal die Munisipaliteit die koste wat by die verwydering van ongemagtigde plakkate deur die Munisipaliteit van tyd tot tyd betrokke is, bepaal;
14. Moet aansoek deur elke koerantgroep om toestemming om sodanige advertensies te vertoon op 'n jaarlikse grondslag gedoen word onderhewig aan 'n jaarlikse geld per koerantgroep / per jaar of deel daarvan;
15. Moet 'n deposito jaarliks per koerantgroep betaal word waarteen 'n koste vir die verwydering van enige advertensie wat met die die Verordening strydig is, gehef sal word. In die geval waar die bogenoemde deposito verbruik is, moet toestemming om sodanige advertensies te vertoon, teruggetrek word totdat 'n verdere deposito by die Munisipaliteit ingedien is;
16. Kan gelde jaarliks deur die Munisipaliteit in ooreenstemming met 'n gepubliseerde bylae van tariewe en gelde bygewerk word.

**BYLAE "10"****REKLAME OP BANIERE, VLAE EN BALLONNE**

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting en/of vertoning van baniere, vlae of ballonne in alle gebiede toegelaat behalwe in natuurlike en landelike gebiede van maksimum beheer. Daarbenewens:

1. Moet liggingsgebonde advertensiebaniere, vlae en ballonne aan die Munisipaliteit se standaardvoorwaardes met betrekking tot die vertoning van baniere soos hieronder uiteengesit, voldoen;
  2. Sal goedkeuring vir derdepartyreklame op baniere en ballonne slegs vir 'n funksie of byeenkoms vir godsdienstige, opvoedkundige, maatskaplike welsyns-, dierewelsyns-, sport-, burgerlike of kulturele doeleindes verleen word, of aan 'n funksie of byeenkoms wat met 'n munisipale, provinsiale of parlementêre verkiesing of referendum verband hou. Die vertoning van sodanige baniere moet aan die Munisipaliteit se standaardvoorwaardes met betrekking tot die vertoning van baniere soos hieronder uiteengesit, voldoen;
  3. Word die vertoning van baniere op enige brug of oor enige openbare pad verbied, en langs enige pad wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit aangewys word, tensy spesifieke toestemming van die Munisipaliteit verkry is;
  4. Mag baniere nie so bevestig word dat dit verbygaande voetgangers of voertuigverkeer belemmer of 'n gevaar vir hulle inhou nie;
  5. Mag geen banier mag groter as 3 m<sup>2</sup> wees behalwe met die vooraf verkreë skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit nie;
  6. Mag geen banier binne 30 m van enige padverkeersteken of verkeersein vertoon word nie;
  7. Mag baniere nie aan bome, verkeerseinpale, elektriese of diensowerheidsdistribusiekaste, of ander pale wat verkeerstekens dra, rotse ander natuurlike verskynsels, straatuitrusting of ander munisipale eiendom bevestig word nie;
  8. Mag baniere nie op so 'n manier bevestig word dat hulle ander besighede/organisasies op 'n onregverdige wyse sal benadeel of enige goedgekeurde bestaande advertensies sal belemmer nie;
  9. Mag liggingsgebonde baniere slegs op die betrokke persele aangebring word;
